


Vrye Weekblad Boeke/Books (Winter/Lente 1990)

# VWB





# The dog of revenge

A short story by MDU  
"BIG BINGO"  
HLONGWANE

THE sun rose as usual. It would not fail to rise because it had set the previous day. Failure for it to rise would have spelled disaster for me because this was to be my day - Mike Sokhulu's day. I knew deep inside me that if I had to postpone my mission, I would never ever get another day - a day to avenge my father's cruel death.

I will now dwell on how my father was killed as it will be like rubbing salt on the healing wounds. But to make you sympathise with me I shall briefly tell you how it happened. My father was the only professional drinker this world has ever produced. He used to leave every day for work and returned as late as 11pm. My mother would be the first victim. She would be beaten for responding late to my father's knocks, for not cooking the right supper and for not looking after him well. But one thing he saw that was done was that I was looked after well because he saw me as a doctor in the making.

I got everything I needed for my studies. To my surprise my father, illiterate and a bottle slave as he was, gave me all the good advice as to how I should behave at school and to concentrate on my schoolwork so that one day I could be a doctor. This is what my father was to die for, that is, having a successful son in a vicinity full of not so successful teenagers.

The class boycotts were the Soweto plague in the early 70's. Somehow the plague spread from Soweto to Professor Mafukuzela High School where I was about to complete my matric.

The boycott was a senseless one. All of the students did not want to continue their studies because Mr Zulu, a renowned biology teacher had to be expelled at school. Reason: He was in love with a student at school. Because I knew that this was not a problem that should be handled by boycotting classes, I disagreed with the whole move and I sat for my final examination paper. Initially I was the only candidate, but half

an hour later, other candidates changed their minds and started to write the exam. Some didn't.

After the exam I was accused of being a stupid, a sell-out and spy who should not be allowed to live long. I did not know at first that they meant what they had said. Until my girl friend Lindiwe told me ten boys had been selected in a special meeting to finish me off. It was our habit that after exams we would collect some money and throw a party. This day I could not attend because I knew I was to be victimised. I went straight home.

At 10 o'clock as usual my father came in drunk. For a change he left my dear mother alone. Perhaps he knew that this was his last night on this planet. I was in my room listening to my favourite song by Dark City Sisters entitled "Kulelolizwe" (in that country). All of a sudden there was a loud, aggressive knock on the door. My father should have answered but my mother did because my father was fast asleep. On opening the door a mob pushed their way in: "Where's Mike?" Long before she could answer they were all over the place, awakening everybody in the process.

Like a cat I pussy-footed through solid darkness and slowly opened the back door and disappeared into the outside darkness. I did not see anything thereafter except the whole house engulfed in flames and a mob of boys running away saying: "We didn't get the dog, but one day we will." I was a dog, not a human, but a dog which must be killed just for refusing to boycott classes.

I didn't know what actually killed my father, whether it was fire or stabbing or both. That day changed my life completely from a boy whose aim was to reach the best in life to a brave-

hearted, cruel and murder-orientated dog. Perhaps they were right in calling me a dog. This time, I was. I was the dog of my father's revenge.

At my father's funeral I was asked to say a few words before the coffin with my innocent father inside was finally covered with the soil the Bible says we were made with.

My heart was so hurt that all I could do was to cry over the grave. I knew the day when my father's killers would be the next in their graves.

I did not tell my mother because I knew that she would destroy my plans. This is a reason why Bob Marley said: "No woman no cry". You need not know how we managed to rebuild our home, but we did. If you want to see it, take a walk to the top of the Sanswill Mountain. At the top is where we are still staying till today.

I did not want to do anything before Lindiwe went back to her family in Tembisa because where there is no woman there is no cry. I accompanied her to the station. I remember holding her tight against my body until she kissed me goodbye and the train, like a snake, slowly disappeared with her inside.

My day came. It was Sunday. The road was full of churchgoers, drunkards, sportsmen on their way to Wadley stadium and groups of people standing here and there. I was at the shop when I saw four of my father's killers carrying a case of beers entering Aunt Sheila's shebeen. I rushed back home, fetched my razor sharp and needle pointed "scorpion". I concealed it inside my Pointer leather jacket and I returned to the shop verandah where I could see all my enemy's moves.

When you drink you must urinate. When my father's killers drank, they too, like all humans, had to urinate. The first one was Vusi Lekgato. I saw him walking with a drunkard's gait to the toilet. When he entered the toilet I was there like an eagle and sliced his throat - the way a surgeon would when operating on a patient in theatre. He could not even cry. I threw his body into the toilet pit and I disappeared. At least my father had a more decent grave than Vusi's.

I waited for hours before the rest of my victims could leave the shebeen. Of course they had to. In shebeens you are only good when you have money, once it is finished out you go. I had to ambush them individually as they were to

enter their homes.

I did not have problems with the three of them. Mandla was fiddling with the keys to his room, probably because he would not insert it in the keyhole and I finished him off. Senzo was fast asleep on the verandah, probably because he failed to open the door due to his state of drunkenness or he had lost the keys. He too had his throat cut.

The most unfortunate of them all - or should I say the most fortunate to know what was happening, was Vin, my captain at school. He had entered his room but forgot to lock it. I entered right on time when he was snoring. I shook him and he opened his eyes.

"Hi Vin," I said.

"What are you doing in my room at this time?" Vin asked, half awake and half asleep.

"I just want to have a word or two then I'll leave. Why did you kill my father?" I asked politely.

"No, I don't even know that your father is dead to begin with," Vin pretended.

"Okay, I'm not good at arguing as you'd probably know from school. After disagreeing with you to boycott classes, you and nine other schoolmates decided to kill me. For reasons not clear to me you killed my father and burned our house. I've killed Vusi - he is lying deep in faeces in Aunt Sheila's toilet, Mandla, Senzo, followed. Bad news for you - you are next."

Vin tried to resist by trying to jump at me, but he was unsuccessful. Fearing that he might start crying, I made a horizontal slit across his throat and left him lying there in a pool of blood.

On Monday morning everybody was talking about the death of three local boys - one missing. It is very interesting to listen to people talking about something they do not know. I heard a lot of lies, people suspected of the murders, possible reasons for the killing but none of the fingers pointed in Mike's direction.

The remaining six helped me by fleeing to an unknown area. Because of this the police are looking for them as they thought they were responsible for the killings. Don't worry. I will never be caught. The scorpion is lying deep in what the whites call the Duzi river.

My brick-hearted, brave and cruel heart has been changed to a sympathetic, caring and understanding combi-driver operating between Pietermaritzburg and Mlamulankuzi. But I will not harm you if you do not have your taxi fare. Tell the lucky six to come back because it's all over. On one condition, that they bring my father back, well and alive.

*Dié verhaal het voorheen in die Natalse weekblad Echo verskyn*

## DE KAT

VIR DIE KIESKEURIGE LESER

IN DIE SEPTEMBER-  
UITGAWE:

■ **André P. Brink**  
**bespreek Afskeid en Vertrek**  
**en Berigte van weerstand.**

■ **Ons het ook styl, sê**  
**Pretoriane.**

■ **Die seksmiddel-gier.**

A short story by TIM  
SANDHAM

MATHILDA looked up at Walter standing next to her.

How can someone with such a strong jawline have such a weak mouth? she thought. Apart from that though he isn't too bad.

Walter turned his head slightly and looked at her. He smiled and squeezed her hand.

His hand feels so rough, she thought, suddenly aware of the softness of her own hand and the tightness with which he was gripping it.

She felt her friend Lisette's gaze and turned to look at her. It's so unfair, she thought, that someone like Lisette is not only born to wealthy parents, but is also so beautiful. Of course when you're beautiful and rich, you end up with a boyfriend who's good-looking and rich as well.

Samuel was standing next to Walter and everything about him exuded class.

His shirts are better quality, look how well his suit hangs, probably had it made just for him. He's wearing cuff-links, she noticed, I wonder if Walter's even got a pair. His mouth is also so much firmer, the rich are so confident, and his beard is such a smooth even blue.

She looked at Walter's growth. It wasn't blue. It isn't any colour in particular. It's quite patchy too, she thought. She saw a lone surviving hair which had miraculously escaped being shaved, but then noticed that there were quite a few. Samuel is never semi-shaved like this, the wealthy are also versed in the ways of being groomed. Even when they let it all hang out it is done with

skill and class.

It was probably her train of thought that caused Mathilda to become aware of Walter's aftershave lotion. She knew it cost a lot of money. But it smells so cheap. I'm never aware of smelling Samuel's aftershave, it just complements his general appearance so well, it smells so right.

Just then Walter squeezed her hand again and smiled at her again.

For a moment she was surprised to see how crooked his teeth were.

I wonder how long we're going to last, she thought. We've a lot going for us, I'm sure, but these days there are many other factors working against couples too.

I'm not implying that I'm so much better than Walter or anything. Neither am I saying that I can make a catch like Lisette did with Samuel, or that I deserve to be given a fancy car and sit at home and be pampered and be available. It's just that I think ... that, maybe Walter and I have different expectations of what a relationship between a man and a woman should be.

Walter squeezed her hand again, just a little more impatiently this time.

She cleared her throat and looked up at the minister: "I do," she said.

*Tim Sandham is 'n vryskut-joernalis in Johannesburg*

## Woman in Thought

skill and class.

It was probably her train of thought that caused Mathilda to become aware of Walter's aftershave lotion. She knew it cost a lot of money. But it smells so cheap. I'm never aware of smelling Samuel's aftershave, it just complements his general appearance so well, it smells so right.

Just then Walter squeezed her hand again and smiled at her again.

For a moment she was surprised to see how crooked his teeth were.

I wonder how long we're going to last, she thought. We've a lot going for us, I'm sure, but these days there are many other factors working against couples too.

I'm not implying that I'm so much better than Walter or anything. Neither am I saying that I can make a catch like Lisette did with Samuel, or that I deserve to be given a fancy car and sit at home and be pampered and be available. It's just that I think ... that, maybe Walter and I have different expectations of what a relationship between a man and a woman should be.

Walter squeezed her hand again, just a little more impatiently this time.

She cleared her throat and looked up at the minister: "I do," she said.

*Tim Sandham is 'n vryskut-joernalis in Johannesburg*

# Dié profeet se kleed is motgevreet

**BAANBREKERS VIR VRYHEID -  
gedagtes oor Afrikaners se rol in  
Suid-Afrika.**

Deur Pj Cillie  
Tafelberg, (R24,95 plus AVB)

**MAX DU PREEZ**

PIETCILLIE was my eerste redakteur. As 23-jarige penkop-verslaggewer was hy sonder twyfel my rolmodel. Ek onthou nog hoe hy eendag 'n jong kollega uitgetrap het wat homself 'n joernalis genoem het. Daar moet nog baie water in die see loop voor jy 'n joernalis is, moes my vriend hoor, jy is eintlik net 'n verslaggewer.

En my groot ideaal was om ookeendag 'n joernalis te word. Amper soos Piet Cillie, maarnie heeltemal nie, want Piet Cillie was in ons boek daardie tyd nie net joernalis nie, maar ook filosoof en profeet. Ons het aan sy voete gesit en die krummels van sy wysheid opgepik en weke lank daarmee rondgesmous.

As jong verslaggewers by Die Burger was ons intrens trots om vir hom te werk, veral dié kere dat hy die Nasionale establishment so 'n bietjie gekou het. Dit het ons goed laat voel - so half of ons saam aan die voorhoede van vernuwende denke gestaan het.

Dit het my 'n jaar of wat gevat - deur die Soweto-onluste en 'n sitting in die parlementêre persgalerie - om finaal te besef: Dié profeet se kleed is motgevreet.

Daarvandaan het ek Piet Cillie - die Groot Kaapse Verligte, die Boere-Maverick wat eerste ministers op hul voornamete noem, die Aweregse Intellektuele Boere-Ghoeroe Wynkenner van Keeromstraat - met ander oë begin bekijk.

En hoe meer ek as jong verslaggewer - later joernalis - vir Piet Cillie gelees en geluisterhet, hoe ergerliker het ek geraak. Veral rondom algemene verkiesings, wanneer alle skyn van onafhanklike denke vir die Groot Gatknip plek gemaak het. Die Ghoeroe se vel het opgebars en die Sikofant het tevoorskyn gekom.


Dit alles net om eerlik te wees dat ek dié bloemlesing van geskryfte deur Cillie wat pas verskyn het, nou nie juis onbevange en met 'n oop gemoed begin lees het nie. Maar ek het darem vir die doeleindes van hierdie resensie probeer.

Die eerste essay is 'n artikel wat Cillie in 1963 vir Standpunte geskryf het. In sy voorwoord verduidelik hy dat dié vroeëre stukke "iets van die ontwikkelingsgang van die Afrikanerdenke sedert die jare sestig weergee". Die res, sê hy, "weerspieël 'n dringender hervormingsvisie in die kritieke jare tagtig". Ook nie so dat 'n mens dit agterkom nie.

Ewenwel, kom ons blai deur die eerste stukke. En Piet skryf mooi, hoor, en so waaghalsig! "Die regstreekse heerskappy van een volk oor 'n ander - regstreekse dominasie deur vreemdelinge - is in ons tyd nie meer te verdedig nie... Volke moet hulself regeer, selfs al is hulle hoe agterlik, want die slegste selfbestuur word beskou as beter as die beste vreemde bestuur."

En: "Die Afrikaners behoort eintlik ook die laaste mense te wees wat hierdie idee van nasionale vryheid en die likwidasië van kolonialisme in beginsel opponeer. In Afrika was die Boere die baanbrekers van die anti-kolonialisme."

Daar is nog juwele: "Ons weet uit ons eie geskiedenis dat 'n volk wat sy sout werd is, op die duur nie in 'n vreemde regering sal berus nie, omdat ons dit weet, het ons nie werklik die hart om te probeer nie. 'n Beleid van verdrukking is vir 'n regering van Afrikaners



onmoontlik..."

En dan kasty hy sy mense: "Ons wou 'n nasie wees, van vreemde bande vry, maar terwyl ons die bande van Britse oorsese heerskappy sowel as setlaarsheerskappy al hoe losser gemaak het, het ons toegelaat dat ons al hoe vaster gebind word met ander vreemde bande. Ek bedoel die bande van vreemde arbeid: swart arbeid..."

Dan skielik roep Piet die spook van Integrasie op: "Dit wil 'n reeds gevormde vrye nasie - 'n werklikheid wat die kolonialis en die liberalis nie sterk aanvoel nie - uitverkoop aan vreemde, andersoortige oorheersing." (Beoelende nou swart Suid-Afrikaners, vir dié wat dit misverstaan. 'n Entjie verder af sê hy Afrikaners het in hul harte besluit "dat die massa van die Bantoes uit die oogpunt van ons wesenlike nasieskap vreemdelinge is". Tuislande toe met julle.)

(Een stuk wat ek graag sou wou lees, maar wat die samesteller van die bundel om onverklaarbare rede uitgelaat het, is wat Piet Cillie in dié jare oor die uitskop van die bruinmense uit Distrik Ses te skryf gehad het.)

Dertien jaar later skryf Piet in die New York Times van 12 Desember 1976: "...the only option seems to be territorial separation of peoples, each one growing to political maturity, autonomy and freedom in its own part of a commonwealth or confederation of South Africa."

In November 1981 skryf hy in die Wall Street Journal (die derde essay): "The parti-

tioning concept has not worked out as visualised, but only partially and imperfectly, mainly on account of economic forces beyond effective political control."

Aan die einde van 1985 skryf hy in Die Suid-Afrikaan: "Vanweë sy geskiedenis moet die Afrikaner miskien die taaieste les van almal leer: aanvaarding van die beskouing dat Suid-Afrika nie net sy beloofde land is of kan wees nie, maar dat hy vryhede, regte, verantwoordelikhede en mag met ander etniese groepe al hoe meer sal moet deel."

In 'n toespraak gedurende 1986 treur Cillie: "En nou is dit die Afrikaner se tragedie dat hy, wat homself in sy geskiedenis sien as voorste vryheidsvegter, en op 'n keer oor die hele Westerse wêreld so gesien was, vandag naak gestroop staan van daardie erenaam. Dit is van hom weggenem deur Kommuniste en ander linkgesindes, selfs die nasate van sy eie verdrukters en vervolgers." ('n Mens voel amper om te sê: Ag Here shame.)

Teen einde 1986 begin Cillie al biege: "Ons het waarlik geglo in daardie visioen van vreedsame partisie en 'n soort geïdealiseerde Europa met elke volk in sy eie staat. Dit het tydelik die Afrikanerwete bevredig."

Op die laaste bladsy van die

boek begin hy wonder: "Moet die mens, één\*, biologiese spesie maar met tallose variëteite, ook so blindelings voortgaan om in midelpuntvlindende etniese botsings stabiliteit en veiligheid na te strewende deur middelpuntsoekende uitroeiing en dominasie? Of kan hy vorme van binding vind waarin etniese verskeidenheid tot sy reg sal kom sonder selfvernietigende stryd?"

En dan is die profeet se laaste woorde bloot: "Ons behoort te weet daar lê dodelike gevare aan albei kante. Ons loop op 'n koord."

Profeet? Nee wat. Profete het visie.

Filosof? Hm hm. Hy was te lief daarvoor om in die corridors of power rond te hang; om soos 'n dassie te bak in die gerusstellende warmte van Kaapse Afrikanerchauvinisme. Die hofnar van die pseudo-intellektuele van die Afrikaner-establishment, as 'n mens nou regtig naar met hom wil wees.

Maar my ma het my geleer om respek te hê vir oumense.

Piet Cillie is 'n intelligente historiese ontleder wat belangrike dele van ons land se geskiedenis as joernalis en akteur meege-maak het. Hy kan goed skryf.

Nou hoekom is ek so skerp?

Omdat Piet Cillie vir my 'n simbool is van mense met skerp penne en gladdetonges wat met hul jarelange kastige "verligtheid" meer skade as goed gedoen het aan die etniese gemeenskap waarvan ek 'n lid is. Dit was hulle wat met die skyn van intellektuele-selvs morele - geloofwaardigheid en waagmoed alle goeie mense aan die laer laat bly klou het met die mooi gesiggie wat hulle op uitoorheersing en onderdrukking gesit het.

Wat Klein Apartheid op wit perde met vlymende swaarde beveg het terwyl hulle Groot Apartheid met hul lewens verdedig het. Wat met 'n verbluffende handgreep boonop nog daarna die tande van die Groot Krokodil blinkgepoets gehou het - net om hom daarna skaamteloos wipens-boiewers langs die see te laat lê.

Poetic justice dat dit 'n vaalseun-Dopper van Potchefstroom moes wees om ons uit dié Kammalant te lei na werklike vryheid en demokrasie, waar ons die "vreemde Bantoes" as volle nasiegenote sien.

Ten minste was dié boekie met sy erg vervelike stofomslag goed vir my lae bloeddruk. Lees dit tog maar.

Max du Preez is die redakteur van Vrye Weekblad

New from Ravan Press

**Colours of  
a new day**

WRITING FOR SOUTH AFRICA

Edited by Sarah Lefanu and Stephen Hayward  
Foreword by Nelson Mandela

The range is wide, the quality of the  
writing, not surprisingly, conspicuously  
high - *The Guardian*

This sparkling collection reflects an international and local commitment to meaningful change in South Africa. Short stories, poems and extracts from novels come together in an anthology which is sometimes funny, often provocative, frequently moving and always beautifully written. Contributors include Margaret Atwood, Margaret Busby, Nadine Gordimer, Christopher Hope, Mbulelo Mzamane, Lewis Nkosi, Ben Okri, Zoe Wicomb and Raymond Williams.

Available from good bookstores  
R34,95 + GST

# 'n Droomhuis uit optelrommel

## ANTJIE KROG bespreek 'n paar kinderboeke

DIE kinderboek wat ek sou aanwys as die boek van '89 is "Charlie se huis" (Schermbucker/Daly, Human en Rousseau: R16,95).

In 'n onderspeelde teks word die verhaal vertel van 'n swart seuntjie wat saam met sy familie in 'n sinkshack bly. Na die ongerief van 'n reënstorm, bou hy uit modder 'n droomhuis met 'n slaapkamer net vir hom, 'n sitkamer vir sy ouma en so meer.

'n Mens verwonder jou oor wat Niki Daly daarmee gemaak het! In sy illustrasies word die huisie binne versier met optelrommel. My kind het met groot genot en verbasing die dinge uitgeken: 'n spyker met draad omskep tot 'n hond; uit 'n Pick 'n Pay-sak 'n matjie, 'n proppe en veer as potplant, 'n boekie uit 'n Safari droëvrugtesakkie, 'n Oxo-boksie met 'n bierblikkringetjie word 'n stofie. Uit die mengelmoes val dit nie dadelik op nie, maar saam met die kleihuisie verrys iets uit niets.

Daly gebruik nie sy vindingrykheid in die eerste plek om hom self te boost nie, maar benut dit op so 'n wyse dat die lesertjie die swart seuntjie se kreatiwiteit oneindig bewonder. (Vanselfsprekend bevraagteken die kind ook nie Charlie se uiters bourgeois drome nie!) Die boek is ook in Engels beskikbaar: "Charlie's House".

### Alleen-pa

Dit gebeur vandag dikwels dat kippers by hulle pa's grootword. Meeste kinderboeke beklemtoon die normale gesinnetjie of die sterk ma-kindband, dus moet kinders by 'n alleen-pa totaal abnormaal begin voel.

In "The Wild Goose Chase" (Lambert, Hamish Hamilton) is daar sonder omhaal of fuss, 'n pa. Terwyl die soektog na sy rooi kamerjapon tot allerlei avonture lei, sien 'n mens hom met voorskoot koerant lees, 'n tele-



Cora Coetzee se illustrasies vir Annari van der Merwe se kinderverse "Gemmertier is ook 'n dier"

foongesprek voer met opskeplepel in die hand, terwyl sy drie kinders spaghetti eet. Oulik dat die huis ook maar varkhokkerig lyk.

### Toekomstige wêreld

Hoe sal jy daarvan hou om met 'n leerhelm te sit wat jou huiswerk deur die ore voer? Soveel studietyd per dag moet jy in die leerhelm deurbring. Alle kinders word van hul ouers af weggenem en onder

goedgekeurde voogde geplaas. Jou kos bestaan uit pakkies wat hulleself onmiddellik verhit sodra jy die houer oopmaak. Ook leef jy in tunnels ondergronds, omdat die aarde se oppervlakte deur kemmissiele so verwoes en radioaktief is, sodat niemand dit daar waag nie.

Lees en skryf is kunsvorms wat lankal uitgesterf het. 'n Robot spoor rondloperkinders op deur middel van sendertjies in hulle bo-arms. Met tussenposes kan jy verdowingsmiddels bekom deur jou hand (wat moet ryp wees) oor 'n gleuf te vee.

Dié futuristiese wêreld teken Pieter-Steen in sy oulike boek: "Wotan SQ7" (Tafelberg). Die hoofkarakter is 'n hoogs intelligente kind wat in hom omra die begeertes wat ons vandag as "gewoon" beskou. 'n Lekker boek vir st 5 en 6.

### Kitottie?

"Kitottie" (ek belowe!) skep ietwat van 'n probleem. Die babakrokodilletjie word deur ander diere en 'n broer gehelp om by 'n dam te kom waar sy saam met die ander groot krokodille kan swem en visse eet. My krokodilbronne sê dat klein krokodilletjies deur hulle ma opgepas moet word, omdat ander krokodille hulle graag vreet. Ook bly krokodille in riviere en nie in damme nie. Van die vriende wat haar die pad beduie, is ook nogal babakrokodileters. Sê my boek. Die tekening bring verder verwarring: dan is Kitottie so klein soos 'n boer se voet, dan groter as 'n hamerkop.

Tensy hier van die Suid-Afrikaanse politieke krokodille sprake is, is die navorsing nie noukeurig genoeg gedoen nie. "Kitottie" (Maud/Eloff, Daan Retief, R14,95).

### Rympies

Drie boeke met gedigte en/of rympies het aan die einde van die vorige jaar verskyn.

Die indrukwekkende "Peacock Pie" van Walter de la Mare (Faber and Faber, R49,99, hardeband) illustreer glashelder dat kinderyme nie kinderspeletjies is nie, die oog en oor moet daar wees en seblief tog, geen gemoedelikhed of oulikheid nie.

*From their shadowy cote the white breasts peep  
Of doves in a silver-feathered sleep;  
A harvest mouse goes scampering by,  
with silver claws, and silver eye;  
And moveless fish in the water gleam,  
By silver reeds in a silver stream.*

en late nie somer 'n kind se aandag nie.

Dan het ons ook probleme gehad met Betjie op Beskuitkuil: hoe kan sy kersregop in die bed spring en terselfdertyd 'n ratel diep onder haar ysterkatel sien?

Die beste in die boek is 'Wiljy nou meer' ('Duskant Baardskeedersbos' is meer vir grootmense), 'Kat en hond' en 'Draaifontein se Droster'.

### Nog nuwe boeke

'n Lieflik geïllustreerde boek is "Grandma's Hat" (Kahn/Milne, David Phillip). In fyn detail en dowwe kleure



Let op die waarneming in die eerste reël, die muis wat geteken word met sy effe grusame "klou" en dan die slot met die misterieuse beweginglose visse. Die oor het die woord silwer uitgekies en na die langerige duiwewêreël, dadelik die komma verskuif na die middel van die reël om enige een-tonigheid wat mag opduik te vermy.

Die bundel is ook 'nles van hoe 'n mens so iets saamstel. Dieselfde soort rym word nooit van een gedig na die ander gevolg nie, die lengte van die versreëls verskil van drie woorde tot twaalf, 'n onseker element word altyd gevestig, iets onpeilbaars; fraai het altyd iets dreigends daaragter, die dreigende altyd bekoorlike, eksotiese detail.

"Ferdie Vlooi" (Feltman/Grimsdell, Daan Retief, R14,95) vertel lekker op rym die verhaal van Ghwar, die hond, en die vlooi wat op hom parasiteer. Grimsdell blink uit as hy beweging teken en die hond is oulik verby. Die vertaling, gedoen deur Fanie Olivier, lees ritmies met die illustrasies saam.

"Gemmertier is ook 'n dier" (Annari van der Merwe/Cora Coetzee, Tafelberg, R14,95) bevat te veel gediggies in paarrym. Toe ek dit voorlees aan my 6-jarige, moes ek sweet en oorlaan en byvoeg en kul om uit die dreuning te ontsnap. Meeste van die oulike diertjies waarvan gepraat word, ken vandag se dorpskinders nie - as hulle nie helder beeldend geteken word nie, behou hulle doen

word 'n Engelse gesin se winkel en ander bedrywighede op De Aar geteken. Groot erwe, windpompe, Karoostyl huise en 'n "hupmobile".

Marlise Joubert vertaal die Lambs se Shakespeare-verhale op 'n fyn, logiese manier: Die seestorm, Midsomernagtdroom, Meer lawaai as wol en 'n Wintersprokie. ("Uit die skatkis van Shakespeare", Daan Retief, R10,50.)

So oulik as wat "I can do this Grandpa, can you?" (Hirsch/Watkins, Viking Kestrel, R22,99) is, so goor is "Can we go for a walk and talk, Grandpa".

'n Hupse hoëveldse haas brand om in Parys te kom om knoffelsous en aspersies te eet. Hy kry dit reg in "Harry went to Paris" (Lesley Beake/Marjorie van Heerden, 'n Young Puffin, R17,99).

Nuwe boeke vir st 3 en 4: "Buttons - the dog who was more than a friend" (Yeatman, Daan Retief, R10,50), "Kit in Boots" (Jane Gardam, Daan Retief, R8,95).

Vir st 5 en ouer: "Simon's Challenge" (Theresa Breslin, Daan Retief, R8,95) wervan die Kathleen Fidler-prys; "Maggie and Me" (Ted Staunton, Puffin, R12,99); "Stevie's Treasure" (Engela van Rooyen, Daan Retief, R10,50).

Antjie Krog is die digter van onder andere "Lady Anne" en 'n onderwyser en ma van vier kinders op Kroonstad.

## AFRICASOUTH BOOKS in Swaziland

Allister Sparks  
THE MIND OF SOUTH AFRICA  
R79,10 + R1 posgeld

Colleen Ryan  
BEYERS NAUDÉ: A PILGRIMAGE OF FAITH  
R34,50 + R1 posgeld

Abraham de Vries  
DIE NAG VAN DIE CLOWN  
R23,00 + R1 posgeld

Micheal Godby et al  
HOGARTH IN JOHANNESBURG  
R57,60 + R1 posgeld

Stuur posorders. Indien u met 'n Suid-Afrikaanse of Namiblaanse tjek betaal, voeg R3.30 by.

Beskikbaar in ons boekwinkel in die Swazi Plaza, Mbabane, Swaziland. Skryf aan Robin Malan of Anne Salelwako. Posbus A456, Swazi Plaza, Mbabane, Swaziland. Tél: 45561



# In 'n tyd van 'algehele ontreddering'

AFSKEID EN VERTREK  
Deur Karel Schoeman  
Human & Rousseau (R36,95)

GERRIT OLIVIER

KAREL SCHOEMAN het twee groot temas: die eensaamheid van die mens, wat slegs in oomblikke van toenadering opgehef kan word; en die geweld van die tyd, wat gewoonlik in die verte afspeel en die onstabiele van menslike verhoudings nog verder verhoog.

Die konstellasië van karakters in "Afskeid en vertrek" is tipies van Schoeman se romans: 'n hooffiguur omring met ander karakters na wie hy uitreik sonder dat sy verlangens ooit bevredig word - al is hy 'n bietjie meer mededeelsaam as sy voorgangers. Soos baie van Schoeman se ander boeke is hierdie roman ook geplaas in 'n tyd van sosiale onrus en verbokkeling. In 'n paar opsigte is dit egter 'n boeiende vooruitgang op Schoeman se vroeër werk.

Romans soos "Op 'n eiland" en "Die hemeltuyn" was kameekuns, skerp beligte klein grepe uit die ervaring. In die jongste boek kom 'n paar van die ander figure meer tot hulle reg, en die wisselwerking tussen karakters word geplaas binne 'n breed opgesette struktuur waarin die motiewe van afskeid, vertrek en die rol van taal en literatuur aan die orde kom.

Die motto uit Brecht se brief aan die akteur Charles Laughton oor "Das Leben des Galilei" sinjaleer die boek se sentrale tema. Ek vertaal taamlik letterlik: "Terwyl die huise in duie stort, stort ook die taal in duie - en saam begin ons die voorskrifte van nuwe denkwyses en die struktuur van nuwe tekste volg."

Adriaan, die hoofkarakter in die roman, se uitgelewerdheid aan stilte en woordlose onmag word met byna voorspelbare reëlmaat in die boek geformuleer. Die slotsin van die roman, "Hy het aangekom" - myns insiens nie aanvaarbare Afrikaans nie - suggereer dat hy aangeland het in 'n situasie waar hy weer deur woorde 'n greep op sy lewe kan kry.

Die wete dat nuwe woorde eendag gevind sal word, is die enigste ligpunt in Schoeman se verdrietigste roman tot dusver. Adriaan "het aangekom" nie deur die een aktiewe ingryp of wilsbesluit nie, maar deur aanvaarding en geduld. Die filosofie van "Afskeid en vertrek" is dié van pyn wat met gelatenheid verduur word; van verlange wat onbevredig bly; van iets wat ná die verwoesting weer opgebou sal word, al kan niemand raai wat dit sal wees nie.

Kortom, niks gaan heeltemal verlore nie. Die taal sal weer opgebou word, nuwe woorde gevind word - en daarmee bely die roman die geloof dat daar selfs na die "algehele ontreddering" van die oorlog, 'n nuwe begin sal wees.

Daar is 'n paar merkwaardige dinge in verband met dié "oorlog" in "Afskeid en vertrek". In die eerste plek vind 'n mens 'n versplintering van perspektiewe - iets van 'n formele vernuwing in Schoeman se skryfwerk. Naas die persoonlike vertelling oor Adriaan se lotgevallen is daar ook 'n ander stem wat nabetrachtend en analities vertel oor die uitwerking wat die oorlog gehad het.

Terwyl Adriaan en die ander karakters so ver as moontlik hulle gewone lewens probeer voortsit, verwoord hierdie tweede perspektief die kollektiewe ervaring. Dit is interessant dat die leser se verwagting dat 'n mens hier met 'n toekomsblik te make het, ondermyn word deur verwysings na die hede en die onlangse verlede - na figure soos Koos Human en Uys Krige byvoorbeeld.

Ek meen dié vermenging van moontlike tydsdimensies is nie werklik suksesvol nie. Aan die een kant gee die roman te kenne dat die oorlog reeds aan die gang is, en word die leser gekonfronteer met die feit dat hy, net soos die mense in die boek, stadigaan in die verskrikking ingly sonder om dit te besef.

Aan die ander kant is dit tog 'n meer grootskaalse ontwigting as die insidente wat uit ons huidige ervaring bekend is. Die "oorlog" in "Afskeid en vertrek" lees soos 'n collage van filmbeelde en nuusfoto's - wat miskien die bedoeling is as 'n mens kyk na bladsy 219; dit beskryf die soot chaos en verbokkeling wat enige oorlog in enige stad sou kon veroorsaak.

Besonderhede oor die oorsake van die situasie, of oor die aggressors, ontbreek. Al wat 'n mens met redelike sekerheid kan sê - die oranje-blanje-blou wapper immers nog - is dat dit waarskynlik meegebring is deur pogings om die huidige bewind tot 'n val te bring.

Dit is 'n bietjie dik vir 'n daalder dat 'n inspekteur in sulke omstandighede nog rustig kan opdaag om vas te stel of die museum waar Adriaan werk, toegemaak moet word, of dat daar nog Duitse sakemanne op die Lughawe DF




Foto: Paul Alberts

Malan rondsit. Vir Schoeman gaan dit klaarblyklik nie om die besonderhede van die Suid-Afrikaanse situasie nie, maar om die uitwerking wat die oorlog op die daaglikse omstandighede en veral die psige het.

Meer beklemmend as die verromantiseerde oorlogstabiliteit is die feit dat vroeër minder gestel word, dat ontevredenheid en opstandigheid mettertyd swig voor onverskilligheid. Enige verontmensliking - so suggereer die roman - is moontlik; ons sal ons by enigiets neerlê, ons gesigte van elke gruwel afwend en voortgaan. Die nalatenskap wat Adriaan in die museum uitpak, getuig van die feit dat die ergste ontbering uiteindelik in die verlede wegsink.

Afgesien van waameembare verskynsels soos skares hawelose mense in die strate en nuusuit-sendings wat al hoe minder feite bevat, spook nagmerrie-ervarings van verborge gruwels deur die roman: mense wat val, lang gange, gloeilampe wat brand. Teenoor hierdie klaustrofobiese vermoedens is daar die natuur wat sy gang gaan op weg na die lente, en 'n raaiselagtige ek-verteller wat af en toe na vore tree om 'n onbepaalde "jy" tot 'n vlug na vryheid aan te spoor.

Schoeman se oorlog is 'n intensivering van die bekende: 'n situasie wat ontsettender en onsekerder geword het as die "oorlog" wat reeds aan ons bekend is. Universele beelde van oorlog word op Kaapstad geprojekteer - en sodoende word die oorlog 'n décor, 'n agtergrond vir 'n probleemstelling, miskien ook 'n projeksie vanuit Adriaan se psige.

Hoewel die sosiale lewe aan die Kaap oënskynlik sy normale gang gaan, vind daar in byna elke karakter se lewe 'n afskeid en/of 'n vertrek plaas. As buitestaander en waarnemer merk Adriaan hoe die "wensdenkery, skyn en bedrog van enige huwelik, enige verhouding" (p 77) aan die lig kom.

Marissa wat na Nederland vertrek en Bernard alleen agterlaat, Carla se laaste besoek aan Brandvlei, Anita se egskeding en Adriaan se verlatenheid ná die vertrek van Stephan - dit is verliese wat, soos meer as een karakter sê, deur die land self meegebring word.

Adriaan se persoonlike "afskied" kom aangrypend na vore op die dag wanneer hy sy manuskripte vernietig, 'n agtergelate baadjie van sy vriend ontdek, en tydens 'n nagwandeling besef hoe sterk sy verlange na die fisieke nabyheid van iemand is.

Dit is een van die kemepepisodes in die boek, en die blywende hunkering na kontak word gerugsteun deur Adriaan se versigtige verliefdheid op Bernard. 'n Tweede sentrale episode is wanneer Adriaan 'n gesprek voer met Dekker, die ver-

eensaamde ouer digter.

"Jy kan nie vlug in iemand anders se arms nie," sê Dekker (p 184); 'n mens moet word soos 'n klip wat aan sy eie gewig gewoon raak en dit aanvaar (p 172). Dekker word die voorafskaduwing van die lot van die een wat alleen bly, en dit is sy insig in die menslike kondisie wat deur die hele boek resoneer.

Vir Schoeman se karakters is daar geen emosionele bestendigheid nie, slegs af en toe 'n ruspunt. Hulle kom vlugtig bymekaar en ervaar 'n bietjie liefde en teerheid, maar hulle word net so maklik weer geskei, in oomblikke wanneer die logika van hulle eie vereensaming onontkenbaar word.

Een van die ontstellendste beelde van onvervuldheid in die boek is die akteur Nico se soeke na 'n liggaam om die nag met hom te deel - 'n soort klankbord vir Adriaan se eie ervaring. Hy kyk met afkeer na Nico, maar sy ontmoeting met die Duitser in die Kaapse tuine - die eerste keer in Schoeman se werk dat die aantrekkenheid ook eksplisiet seksueel word - is troostelose as enigiets wat Nico sou kon meemaak.

Daar is 'n interessante verswê kommentaar in die feit dat die vreemdeling in die park dieselfde Duitser is wat so baie navraag na Adriaan en sy digkuns gedoen het. Tydens hulle byeenkoms word dit vir Adriaan skrymend duidelik dat hy altyd weerloos sal bly teenoor die pyn wat hy nie kan verduur nie.

Wat bly dan oor? is die vraag waarmee die roman ná hierdie ontroerende episode afsluit. Geen ander boek van Schoeman het so sterk die geaardheid van 'n lewensbeskoulike en literêr-teoretiese manifestasie. Die bevryding lê in die besef dat daar geen redding is nie (p 224). Liefde bly oor, al is dit slegs in die herinnering aan 'n verlore moment waarin 'n vreemdeling aangeraak is; verlange bly oor - en dan (ek wil amper byvoeg: die "grootste hiervan") die woorde wat langsaam en versigtig bymekaargesoek is.

Vir die kritici wat hulle ore begin spits, moet miskien bygevoeg word dat dit hier nie gaan om 'n maklike ontvlugting in woorde nie. Dis woorde wat ná al die verliese en afskeide weer gevind word, as ook die spreker soos 'n klip onder sy eie gewig na sy eie eensaamheid sink.

In 'n sekere sin lyk "Afskeid en vertrek" ook na Schoeman se afskeid van die Afrikaanse literêre bedryf. Midde-in die "algehele ontreddering" is die simpele Dewald, toonbeeld van die nouste literêre organiseerder, nog besig om met 'n groep ewe simpele digtertjies 'n tydskrif op te rig. Teenoor hulle almal openbaar Adriaan die grootste weersin. Selfs die idee van 'n "Afrikaanse letterkunde" is vir hom belaglik.

Maar skryf bly die laaste loopgraaf. Ten

slotte moet dit my van die hart dat die manier waarop hier geskryf word, nie heeltemal te versoen is met die gedagte aan woorde wat 'n mens langsaam en noukeurig bymekaar soek nie.

Schoeman is soos altyd 'n keurige stilis, maar die romantiese cliché's (kyk pp 34, 60, 150-152) die waaierende reën en verstrooide lig van die Kaap, laat 'n mens af en toe aan 'n sjokoladedoos dink. Die verteller raak soms erg verboos, en maak byvoorbeeld oor Dewald pedantiese en ontledende uitsprake wat die leser laat voel dat hy voorgesê word. 'n Minder "aanstrengende" styl (een van Schoeman se Germanismes) sou heelwat vir die roman kon beteken het.

Ten spyte van alle kritiek is "Afskeid en vertrek" 'n roman waarin die problematiek van taal in 'n tyd van verbokkeling ernstig aangespreek en in 'n persoonlike stryd veranker word. Schoeman het sy besondere wysheid nog nooit so duidelik oorgegemaak as in die toneel waar Adriaan sy manuskripte weggooi, die gesprek met Dekker en die ontmoeting met die Duitser nie. 'n Mens sal hierdie byna onuitstaanbaar treurige bladsye nooit vergeet nie.

Gerrit Olivier is hoogleraar in Afrikaans en Nederlands by die Universiteit van die Witwatersrand en skrywer van die boek essays "Ontgerymdhede"

## Etienne Leroux

Twee Nuwe Werke



Die Suiwerste Hugenoot  
Is Jan Schoeman R59,99

Faksimile-uitgawe van Leroux se onvoltooide twaalfde roman. 'n Surrealistiese, hipermoderne satire wat juis vanweë die onklarheid van die manuskrip en die skrywer se aantekeninge fascinerend lig werp op sy werkwysie en benadering.

Magersfontein.

Die Dokumente R34,99

Die verbod op Magersfontein, O Magersfontein!, die stryd om die verbod opgehef te kry en die dokumentasie daaromheen, werp lig op 'n kritieke periode en sleutel-figure in ons sensuurgeskiedenis.



HUMAN & ROUSSEAU  
Kaapstad Johannesburg

# Om met die stemme van die land te praat:

ANDRIES OLIPHANT

DIE wêreld was sedert die begin van die 20e eeu aan 'n proses van fundamentele verandering onderwerp. Dit was gekenmerk deur sosia-listiese revolusies en prosesse van dekolonialisering en nasionale bevryding. Tans vind 'n nuwe siklus van interne en eksterne verandering binne die sosialistiese wêreld en elders plaas, wat 'n hernieude opbloei in demokratiese waardes registreer. So toon die sosiale, politieke kulturele verhoudinge in Suid-Afrika na dekades van rigiede patrone van oorheersing, konflik en opstand, ook 'n proses van onherroeplike verandering.

Verskuiwings in magsverhoudings bring ook verskuiwings in taalverhoudinge mee. As 'n integrale deel van sosiale verhoudinge is taal beide blootgestel aan en deel van die kragte wat vir of teen verandering werk. In 'n sekere sin is taal selfs die kader waarin konflik afspeel. In die huidige Suid-Afrikaanse konteks kan die verandering in taalverhoudinge saamgevat word as 'n beweging weg van taaloorheersing na 'n demokratiese herkonseptualisering en herstrukturering van taalverhoudinge. Dit behels hoofsaaklik die doel om uitdrukking te gee aan die nosie van taalvryheid binne 'n konteks van meertaligheid.

Gevolglik word die bevoorregte status van Engels en Afrikaans kultureel bevestig. Onder Afrikaanssprekendes is daar aan die een kant 'n vrees dat Afrikaans sy ampelike status binne 'n veranderde demokratiese bestel sal verloor. Dit is gekoppel aan 'n onbereidwilligheid om by sosio-kulturele veranderinge aan te pas of daaraan mee te werk. Aan die ander kant is daar binne demokratiese gelede uitgesproke pogings om aan Afrikaans 'n breë nie-rassige en demokratiese inhoud te gee.

Dié stryd is ook leesbaar in Engels. Teenoor die taalpurisme en oorheersing van konserwatiewe Engelstaliges is daar 'n beweging vir 'n sogenaamde People's English. Laasgenoemde is daarop ingestel om Engels los te maak van die ideologie van rassisme, seksisme en elitisme wat tradisioneel met apartheid geassosieer word. Dit beskou verder die opheffing van die hierargiese eerste- en tweedetaal konsepsies as 'n voorwaarde vir die beëindiging van sosiale ongelikhede in taal. In die plek hiervan word die moontlikheid gestel om Engels te herkonseptualiseer in terme wat wyer as blote reëlgebode vaardighede strek. Die reg tot selfuitdrukking in gesproke of geskrewe vorm,

## Taal en poësie in 'n veranderende SA

na gelang van die individu se ervaringswêreld en behoefte, ongeag institusionele taalopvatting, word in die konsep van People's English vooropgestel.

In aansluiting hierby, word die noodsaaklikheid vir die herstel van die inheemse tale as volwaardige uitdrukkingsmiddele binne die raamwerk van 'n nie-etniese verenigde samelewing bepleit. In sommige kringe word die behoefte vir 'n taalbeleid wat eenheid aan die hand sal werk, uitgespreek. Hierteenoor is daar oproepe dat alle Suid-Afrikaners, veral skrywers, nie moet wag op politici om 'n beleid af te kondig nie, maar om onverpoos voort te gaan met die ont koppeling van taal aan die hierargiese wêreld van apartheid.

Op die mikroskopiese en intieme vlak van poësie is heelwat van dié tendense reeds merkbaar. In die sewentigerjare, onder die invloed van die Swartbewysyn-beweging, is die waarde van die inheemse kulture en tale, wat sedert die vroegste jare van kolonialisering vertrap en gedegradeer is, geartikuleer. Die houvas wat konserwatisme vir dekades op Engels as literêre medium gehad het, is verbreek met die opkoms van swart digters in dié tyd.

Dié digters het die ervarings van die swart stedelike en landelike bevolking verwoord. Gemeenskapsroepe en digters soos Oswald Mtshali, Ingoapele Madingoane, Mongane Serote, Mafika Gwala, Sipho Sepamla, Achmat Dangor, Chris van Wyk, Wopko Jensma en die baie ander minder prominente stemme het die stilte wat apartheid wou skep, verbreek. Dié digters het die alledaagse taal en verwysingswêreld van die vertrapte in hul poësie benut. So het Adam Small reeds in die sestigerjare in Afrikaans Kaapse spraakvorm as die basis vir sy poëtiese estetiese geneem.

In die poësie van dié digters kan lesers die mense van Suid-Afrika hoor praat. So skryf Chris van Wyk byvoorbeeld in "n Ander ou by die skool" uit sy bundel "It's Time to go Home":

*'n Ander ou by die skool  
hy nja net politiek.  
Elke speletyd sal jy hom kry.  
Hy politiek net vorentoe.  
Van Russians en van Mao.*

*Hy wietie om te sê die lanie is vuil  
en darkies is red  
en darkies is reg as hulle power maak.*

*Hy wietie om te sê  
Amerikaans is vuil;  
hulle vat net onse zak  
maar hulle sal ons never help.*

*Ander ouens lag.  
Ander ouens sê hy's befok.  
Ander ouens sê hy's 'n moegoe.*

*Maar nou die ander dag  
toe praat hy according Frelimo  
Al die ouens ziep.  
Hulle luister.  
Toe sien ek behoortlik die mister wil huil.  
Toe praat hy van 'n breakthrough.*

Die tong-in-die-kies ironie wat dié eenvoudige volkse gedig onderlê, spruit uit die feit dat die spreker 'n produk is van die sinkretiese taalpatrone wat onder sekere stedelike jeugdige elemente van die werkersklas voorkom. Dit is 'n enkele voorbeeld van 'n groot verskeidenheid vorme en houdings wat in die loop van die sewentigerjare geskep is. Mense met 'n oppervlakkige kennis van die Suid-Afrikaanse literatuur, waaronder Albie Sachs seker ook getel moet word, het gewoonlik min begrip en aanvoeling vir die geskakeerde estetiese wat in die werk opgesluit is.

Die poësie van dié tyd was nie alleen gemoed met die politiese nie. Uiteenlopende temas van oor 'n breë spektrum is in dié poësie opgeneem. In taalgebruik en struktuur het dié digters voortborduur op inheemse spraak-, musiek- en dansvorme, wat gewoonlik misgelees word deur diegene wat aan 'n oordosis kolonialisme ly. Waar daar eksplisiet politieke geskryf is, was dit as gevolg

van die noodsaaklikheid van historiese omstandighede en nie uit 'n gebrek aan poëtiese vermoë of verbeelding nie. Die sewentigerjare was by uitstek 'n tyd waarin nuwe stemme ongehoorde eksperimente in taal uitgevoer het. Dié werk moet gesien word as die eerste pogings om die literatuur los te maak van elitisme.

Teenoor die ikonoklastiese beweging het die Engelse digters die subjektiewe belewenisse van die burgery, hulle verhouding met die natuur en medeburgers in stywe institusionele vorme van die taal verwoord. Uitsonderings soos Lionel Abrahams met sy skerp sarkasme, en Douglas Livingstone met sy stilistiese vitrositeit, het merkwaardige werk gelewer. Peter Horn se sosiaal kritiese poësie, ontleen aan die tradisie daargestel deur Bertold Brecht, is eger deur sensuur stilgemaak.

In dié jare was die Afrikaanse digter Breyten Breytenbach en ook Jeremy Cronin, toe nog digter in wording, in aanhouding. Beide die digters se werk staan as bakens teen die kultuur van dominansie.

In die loop van die tagtigerjare vind daar 'n verdere uitbreiding in die demokratisering van die poësie plaas. Die kulturele ontwikkelinge binne die vakbondbeweging dra daartoe by dat die tradisionele orale vorme, wat sedert die vroegste jare van verstedeliking en trekarheid aangepas is om die belewenisse van werkers te verwoord, uit die geslote wêreld van kampe en fabriek in die breë literêre wêreld losgelaat word. Die werk van digters soos Alfred Qubula, Nise Malange en ander lei tot 'n opskudding in konserwatiewe Engelse literêre kringe met eng opvattinge oor poësie. Wat hier beduidend is, is die feit dat tale soos Zoeloe en Xhosa losgemaak is van die etniese belange wat dit binne die kultuurbeleid van afsonderlike ontwikkeling moes speel om 'n nuwe klasse-inhoud binne die breë werkersbeweging te verkry.

Die opgang van Mswabke Mbuli, die opvolger van Mdingoane wat in die sewentigerjare gewild was onder massa-gehoore, moet in dié konteks gesien word. Hy verwerk rap- en dubvorme met die liturgiese elemente van die onafhanklike kerke en skep so sy eie besonderse vorme van voordragpoësie. 'n Feministiese stroming kom ook na vore in die werk van digters soos Karen Press, Tumi Mofokeng en Ingrid de Kok. In Afrikaans, en veral in die Wes-Kaap, verkry die sogenaamde alternatiewe beweging inhoud in die werk van digters soos Patrick Peterson, Ebrahim Alexander en andere. Selfs 'n digter soos Antjie Krog herontdek haar jeugdige afkeur in rassisme en verwerk post-modernistiese perspektiewe met 'n fyn historiese en geslagsbewysyn in haar werk.

Dit is eger lank reeds duidelik dat die estetiese van protes wat uit die sewentigerjare dateer, uitgedien is. In die plek daarvan het dit nodig geword om 'n inklusiewe literatuur te skep. So 'n literatuur sal nie slegs moet tred hou met breë historiese verskuiwings nie, maar sal ook

toekomspektiewe vir die volle emansipatie van almal verbeeldingryk moet artikuleer. In dié opsig wil ek, sonder om enigsins programmaties te wees, wys op tien breë tematiese velde wat nuut ontgin of verder ontwikkel kan word:

Eerstens, sou die ontwikkeling van 'n omgewing-sensitiewe poësie, wat verder as die tradisionele natuurpoësie strek, in Afrikaans en Engels ontwikkel kon word. Hierin sou die wisselwerking en die interafhanklikheid van die menslike samelewing en die natuur geëksploteer kon word. In dié verband is dit nodig dat die tradisionele onderskeid tussen die platteland en die stad opgehef word en die verband tussen die twee leefruimtes beklemtoon word.

Tweedens, sou die innerlike menslike belewenisse wat so lank in proteliteratuur verwaarloos is, nuwe aandag kon verkry. Noudat die eksterne raamwerk van apartheid vinnig besig is om te verdwyn is dit nodig om die wyse waarop dit in die psiges van alle mense opgeneem is op so 'n wyse te ondersoek dat bevryding in objektiewe en subjektiewe vorme gerealiseer word.

The message was: go out and fight for the truth. America couldn't relinquish the role of the universal do-gooder. The country needed a war, and Vietnam was it. Sheehan's "Lie" demonstrates how America engineered this war, through CIA dirty tricks through political deviousness and through sheer warmongering.

But Vietnam was different: the enemy was faceless, a flea in the elephant's ear and, unlike the Germans, not part of the Western World. Besides, what had Ho Chi Minh done? As Sheehan shows, before the Vietnam War, Minh had made strong attempts to become an American ally against Russia.

In American media the enemy remained faceless. The first movies about Vietnam were biker movies in which a returning Viet vet comes home to a corrupt America he has to clean up. The enemy couldn't be re-created: criminal America itself became a metaphor for Vietnam. But the ideal of a hero had to be kept intact.

In fact, in most American novels and movies about Vietnam the enemy remains faceless, and the books or movies revolve around examinations or representations of the hero. These reach, say, fantasy in the Rambo films, and mythical drama in the films of Coppola, Kubrick and Stone. The crash of the hero could only be examined through artistic devices that kept his mythical qualities central to the theme, or through the trauma of the loss of heroism, thus confirming the need for heroes, mythical or existential.

(The short-lived "84 Charlie Mopic" is the only American movie so far to see war as banal and everyday and, consequently, able to cut through the overblown fantasies of the other movies. The movie also has no heroes and deliberately upsets expectations about heroes created by the Vietnam genre.)

Both Sheehan's "Lie" and Atkinson's "Gray" destroy the idea of heroism, showing that it's an ideological extension of American warmongering and folly on a grand scale.

Interestingly, the books reflect the authors' own disillusion with gung-ho politics. When Sheehan first went to Vietnam as a reporter, he was staunchly anti-communist and anti-Ho Chi Minh. He changed: his book has one of the best and most sympathetic analyses of the enemy in popular books about the war.

Vietnam is obviously the spectre that haunts the American psyche. Both Sheehan and Atkinson give substance to this ghost in order to exorcise it. But it cannot be done easily because Vietnam is so intertwined with American ideals and their way of life to be separated.


America is at stake: the hero, honour, duty, country and tradition. Take these away, or weaken them, and the result is... anarchy? In both books, the army symbolises the American way of life, and the army, Atkinson notes, "abhors chaos."

"Lie" and "Gray" probably won't be the last word on Vietnam. Several new, mainstream novels have appeared and, Lord help us, the best-selling writer Danielle Steele, mistress of nonsense, has set her new book "Message from Nam" in Vietnam. But writing about Vietnam, and particularly books like Sheehan's and Atkinson's, and certain movies - in fact, an examination in the media - are important, no matter how tired one gets of them: Vietnam cut America down to size. The more the American experience in Vietnam is examined, the more the folly is pointed out, the less easier it should be to repeat.

"Lie's" thoroughly detailed analysis of American political and military manipulation in Vietnam, for example, is also a standard against which current American foreign policy can be examined.

All this is knowledge gained. But thinking that it won't happen again is probably as idealistic and as much of a folly as the American hero.

William Pretorius is a movie critic and Johannesburg freelance journalist



"War is much too serious a thing to be left to military men"



# Minder konvensionele hulde aan Eybers

**UIT LIEFDE EN IRONIE**  
*Liber Amicorum Elisabeth Eybers*  
 Onder redaksie van Hans Ester en Ernst Lindenberg  
 Human & Rousseau, Tafelberg  
 (R29,95)

**LUCAS MALAN**

DIE gebruik by uitgewers om bakens in die lewe van senior figure in die Afrikaanse taal en lettere met huldigungsbundels te vier, het in die afgelope twee dekades 'n flukse aantal mooi en belangrike boeke opgelewer - bundels waarin kollegas, vriende en oud-studente met sowel kreatiewe as kritiese bydraes hul waardering vir die gehuldigde se werk betoon, of net gewoon hul slag met die vak demonstreer.

Uit 1966 dateer die keurige "Smal swaard en blink" vir Van Wyk Louw onder redaksie van Ernst van Heerden, en die ewe nuttige "Beeld van 'n digter", saamgestel deur PJ Nienaber. In 1974 het AP Grové die bundel "Dolosgooier van die woord" ter ere van DJ Opperman saamgestel, gevolg deur M Nienaber-Luitingh se bundel vir Elisabeth Eybers in 1975, "Ter wille van die edel spel".

Daarna het nog 'n hele aantal knap saamgestel- en versorgde uitgawes gevolg waarin vakkunne en skrywers soos WEG Louw, Meyer de Villiers, Ernst van Heerden, AP Grové, Etienne Leroux en Elize Botha deur bydraes van ander, of deur hul eie navorsing, met verjaardagsbundels vereer is.

In die onlangse jare was daar soortgelyke publikasies vir TT Cloete, Ernst Lindenberg en Merwe Scholtz.

Die jongste toevoeging tot dié reeks is 'n tweede huldiging vir Elisabeth Eybers op haar 75e verjaardag. Die bundel is gesamentlik deur Tafelberg en Human & Rousseau in samewerking met die Nederlandse uitgewery M Querido in sagteband uitgegee.

Waar vroeë huldigungsbundels of deurgaans streng akademies gerig was, of die bydraes van gemoedelik-persoonlike aard afsonderlik geplaas is, het die redakteurs in hierdie geval vryer versamel en by 'n (min of meer) alfabetiese opname gehou. Hierdeur verkry die boek 'n minder formele en 'n meer amikale aard: strik akademiese beskouings word telkens afgewissel met skeppende of enigins anekdotiese bydraes.

Of so 'n minder konvensionele benadering altyd geluk het, lyk vir

my onseker, aangesien heelparty bydraes verreweg nie die hoë peil benader nie van die digter wie se werk hier vereer word. Onder die kreatiewe bydraes van die Nederlandse medewerkers is dit byvoorbeeld Simone Dubois se skrale "Een paar regels maar", JJ Klant se "Proefbalans", 'n hele paar van Charles B Timmer se tiendelige "Cantaten van afscheid" wat maar so-so verloop, en M Vasalis se onsuksesvolle eksperiment om in Afrikaans te dig, "Vir Elisabeth", wat 'n mens laat wonder of dié vriende wel weet watter standaard daar gehandhaaf is in vroeëre boeke van hierdie aard, en hoe hoog Eybers deur haar vakgenote in Afrikaans geag word.

Ook ander Nederlandse bydraes, soos Pierre H Dubois se vrymoedige "Niet de woorden maar de intentie", wat hy self heel akkuraat "een haperende brief" noem, en Renate Rubenstein se gemoedelik benaderde gesprekke oor hoe 'n welwillende leser die tekste van diegene wat "een onbegrijpelike variant" of "geheimtaal" gebruik tóg kan deurgroen en waardeer, lei tot 'n ongemaklike gevoel by die leser dat daar iewers van 'n onderskatting sprake is.

Eweneens ambivalent is EC Britz se bydrae, "Leuens op papier", waarin die meerduidende aard van ironie as misleidende taalverskynsel aan die hand van enkele Eybers-gedigte nagegaan word. Naas 'n paar verrassende insigte omtrent die weersprekende aard van ironiese taal in hierdie verse, is daar egter ook 'n sweem van verwyt dat die spreker hier van 'n sekere oneerlikheid ten opsigte van intieme ervarings verdink kan word. Uiteraard is so 'n lesing nie onhoudbaar nie, maar myns insiens vir die geleentheid 'n bietjie onvampas.

Dalk lê dit by die styl of aanslag, want ook ander kritiese bydraes in die versameling handel oor persoonlike sake - en hoe anders met 'n digterskap wat grootliks op die intieme en biografiese berus? So handel Ena Jansen en M Nienaber-Luitingh se artikels byvoorbeeld oor die spanninge wat agter en in die digteres se verhuising na Nederland lê, terwyl Lina Spies die "godsdiensiening" by Eybers wil identifiseer, en Gerrit Olivier op verskillende persoonlike "belydenisse" ingaan, soos dit in "Rymdwang" van 1987 manifesteer.

Die boeiendste hiervan is Ena Jansen se "Eybers die vreemde eend". Dit is 'n vlot en insiggewende uitleg van die digteres se lang én moeisame wenning aan die land waarheen sy verhuis het, soos dit gedokumenteer staan in die gedigte "Vriesweer" en "Dooi" - twee verse wat 25 jaar uit mekaar gepubliseer is en albei berus op die groot verskil tussen die klimaat van Suid-Afrika en Nederland. Soos M Nienaber-Luitingh in haar bydrae, registreer Ena Jansen biografiese besonderhede wat soveel jare al neerslag gevind het in Eybers se verse oor ontheemding.

In die slot van sy artikel kom Gerrit Olivier ook uit by die digteres se aanvaarding van die nuwe vaderland wat hy as 'n prosa van "heelwording", en met verwysing na die gedig "Dooi", as "miskien die mees triomfantelike moment" in Eybers se digkuns beskryf. Elders in sy kommentaar "By die lees van Rymdwang" wys hy op die verrassende wendinge en stuwings in "Rymdwang" (1987) wat telkens nuwe aksente bring by bekende temas in Eybers se oewre, soos die digterskap en die ouderdom.

Sy opmerking dat die gedig "Sonneblom" in Rymdwang "byna 'n mistieke lesing toelaat" binne 'n oewre



## REGSPRAAK

by die dood van Steve Biko

*Mite van uitoerkorenheid verhef ons bo die later leer van naasteskap maar demonstreer met raakgeplante vuis die feit dat skending van 'n medemens intiem aan selfontferming grens.*

(Uit: "Bestand", 1982)

"waar die metafisika op 'n afstand gehou word", is veral prikkelend as die leser kom by Lina Spies se deeglike ondersoek wat Eybers se "godsdiensiening" probeer agterhaal. (Olivier se mening word deur Ernst Lindenberg ondersteun waar Lindenberg op p 82 praat van "die agnostiese toon binne feitlik die hele Eybers-oeuvre"). Persoonlik vind ek Lina Spies se argument nie volkome oortuigend nie, aangesien sy haar merendeels verlaat op Eybers se intertekstuele benutting van Bybelse materiaal, eerder as op 'n klinkklare uitspraak of, andermaal, belydenis. Waar Spies op pp 139-140 rondom die vers "Miskien" ("Rymdwang") argumenteer dat die mens deur sy emosionele beleving "nader aan God" kom, laat sy nie alleen die verskil tussen "nader aan" en "by" nie, maar ook die huiwende aspek van die gedig ("Miskien") buite rekening. Dit is nietemin 'n prikkelende bydrae wat tot verdere navorsing oor dié onderwerp behoort te lei.

Minder diepgaande, maar nogtans aktueel, is Helize van Vuuren se kort ondersoek na die verskillende aard van politieke (of dialektiese) en estetiese gedigte. Die geslaagdheid al dan nie van enkele verse wat politiek-bewuste digters oor eietydse wandade geskryf het, word opgeweeg tussen Eybers se kort en pakkende vers by die skandalige dood van Steve Biko "Regspraak" ("Bestand", 1982).

Die insigte in Van Vuuren se artikel

kom die leser goed te pas by die lees van minstens drie kreatiewe bydraes in Afrikaans. Ernst van Heerden se gedigte, "Beroerde see", "Kap-kap" en "Skietgoed" is al drie kenmerkend metafories en gerig op die politieke werklikheid. Antjie Krog se gedig "8-12 Julie 1989" is 'n dagboek-dokument oor die gewraakte "Watersval-beraad" - 'n eietydse vers wat die konflik en verskeurdheid van ons kondisie meerstemmig wil weergee, maar plekplek sentimentele insinkings toon.

Marlene van Niekerk se "Wespark revisited" is 'n skuldbeuwende aanklag teen politieke moorde en wil die growwe ironie in die Suid-Afrikaanse bestel beklemtoon. Die volgehoue engel-metafoor en die imperatiewe toon verstewig dié vers wat soms bederf word deur gesogte ryme en 'n uitgerekte skril slotsegment. Dit is nogtans boeiend om dié gedig te stel naas Toon Tellegen se mooi "Zij Schiepen ons", of Wilma Stockenström se vers "De Hoop" - verse wat op heel verskillende wyses óók kommentaar lewer oor die ontstaan en die bestaan van mens of dier - en die dilemmas daaraan verbonde. Dit is die sake waaraan die belangrikste bydraes in hierdie bundel aandag gee.

Lucas Malan is hoof van die departement Afrikaans by die Johannesburg College of Education en die digter van "Bark vir die ontheemdes", "Tydspoor" en "Edenboom"

HAUM - Literêr



In *Ons is nie almal so nie* vat Jeanne Goosen die psige van die blanke Afrikaner saam: ons is so en ons het so uitgekóm: hardkoppig, eiegeregtig, maaksels van die vorige geslag wat die apartheidsprosesse in hulle drang tot heerssug geskep het.

Dit is 'n anti-boek hierdie - vir mense - tegelyk tragies, humoristies, banaal.

Verkrygbaar by alle HAUM- en Panorama-boekwinkels, Exclusive Books en ander goeie boekhandelaars, of bestel by HAUM-Groothandel, Posbus 12635, Clubview 0014. Tel. (012) 666-9033.

Prys: R16,95 plus R2,20 AVB en R1,50 posgeld. Totaal: R20,65


Kredietkaart kan gedebiteer word.

**VERNUWING MET GEHALTE**



# Swart gat van die niks

ENA JANSEN skryf oor die  
Nederlandse skrywer J Bernlef  
wat oornag beroemd geword het



dat dit vir Vera onmoontlik word om met die man wat vir haar 'n gevaarlike vreemdeling geword het, saam te leef en word hy na 'n inrigting geneem. Daar eindig die roman.

Dié prosas van demensie by Maarten voltrek sigself in een lang winterseisoen wanneer alles toelê onder die sneeu. Sneeu is 'n dominerende beeld wat die toneel van handeling beheers en dit staan nie slegs vir die seisoen van die dood nie, maar ook vir die monotonie wat alle verskille uitwis. Hoe verskriklik dit is, besef 'n mens wanneer jy daaraan dink dat ons slegs met behulp van verskille ordening en struktuur in ons bestaan kan inbring. Die bekende (= herinnerde) spring in die oog of die geheue omdat dit omring word deur soveel onbekende, dus nog onbekypte dinge.

Maarten is aanvanklik nog bewus hiervan wanneer hy praat oor 'n nuwe soort koffieblik: "Het herinneringsbeeld van de oude bus (= blik) is zo sterk dat hij de bus van het nieuwe merk, de aanwezige bus, vlak voor je neus op de keukenplank, onzichtbaar maakt. Om iets te zien moet je eerst iets kunnen herkennen. Zonder herinnering kun je alleen maar kijken. Dan glijdt de wereld spoorloos door je heen."

Die opvallende stylverskil van "Hersenschimmen" is dat Bernlef die dementerende Klein self aan die woord laat: 'n moeilike vertelperspektief word in die omstandighede meesterlik aangewend. Maarten word nie beskryf deur 'n waarnemer wat wel of nie betrokke is by die gebeure nie, maar van binne-uit: sy gewaarwording staan getoeteer in die eerste persoon. Geoefende lesers sal gou be-

swaar wil maak en sê dat dit 'n weinig realistiese en selfs kunsmatige truuk is. Tog werk dit uitstekend. Uiteraard formuleer 'n ou man wat steeds meer te make kry met groter gate in sy bewussyn nie in die goed geartikuleerde volsinne wat in die eerste deel van die boek staan nie. Besware hierteen sou egter droogstoppelegtige argumente wees want ons moet erken dat die skriftelike weergawe van wat in die brein aangaan nooit heeltemal spoor met die werklikheid nie. Skriftelike weergawes bly altyd slegs 'n benadering met ontoereikende middele.

Deur te werk met die illusie dat die hoofpersoon regstreeks met ons praat, bespaar Bernlef homself die moeite om oor die fenomeen van geheueverlies en demensie te redeneer. Hy tóon dit en verkry daardeur die moontlikheid tot allerlei psigologiese subtiliteite. Die wrede spel wat Klein se geheue met hom speel en sy wanhoop daarvoor word danksy die vertelwyse veel duideliker as wanneer dit van buite af beskryf sou gewees het.

Bernlef werk veral met die gegewe dat herinnering aan die jeug die langste stand hou en dat die nabye verlede eerste onbereikbaar word. Roetinehandelings uit die hede verloor alle betekenis. Die leser voel hoe Maarten wegkantel in die swart gat van die niks, raak saam met hom angstig wanneer sy werklikheidsbesef steeds vinniger wegstrom en hy sy identiteitsgevoel en taalbesef verloor. Selfs by 'n derde en vierde lees het hierdie boek die effek op my dat ek voel asof ek self wegraak.

Alhoewel die onderwerp so dramaties is, vermy Bernlef al die voor die handliggende valkuile: skokeffekte, sentimentaliteit, 'n

neiging tot huilerigheid en die larmoyante. In sy vroeër werk was hy bekend as 'n afstandelike koel skrywer en vreemd genoeg blyk sy styl uitstekend geskik te wees vir 'n gedistansieerde behandeling van 'n potensieel so emosioneerende onderwerp soos demensie.

Vera is 'n baie belangrike karakter. Namate Maarten sy greep op die werklikheid verloor, kry ons tog deur sy oë 'n glimps van die ontredendering waarmee Vera van sy ondergang getuie is. Ons sien haar irritasie weens sy aanvanklik onverklaarbare gedrag, haar skrik oor sy plotselinge onbereikbaarheid, haar verdriet as hy haar met ander begin verwar. Behalwe 'n roman oor demensie is dit ook 'n liefdesroman. Wanneer 'n mens self gekonfronteer word met 'n ouma of ander persoon wat skielik "vreemd" word, is dit 'n verbysterend-treurige gebeurtenis wat baie moeilik is om enigins te probeer verwerk. En dan is "Hersenschimmen" werklik 'n boek wat jou daarby kan "help" soos wat niemand anders kan nie. Geriaters erken ook dat nog baie min bekend is oor die ervaring van binne-uit van die proses van demensie en in Nederland was daar groot belangstelling uit juis dié kringe vir die roman. Bernlef is herhaaldelik genooi om met maatskaplike werkers en medici te praat oor die inlewingsproses wat hom in staat gestel het om die boek te skryf.

Hy laat sien hoe Klein stadig terugval in 'n kindse halfbewussyn deur 'n paar tegnieke: Maarten is steeds so bewus van die allesbedekkende sneeu van 'n eindeloos lang lykende sneeuwinter waar alles bevrore en onbeweeglik word sodat die leser geleidelik ook begin verdwaal daarin; assosiasies uit die werklikheid lei onmiddellik na die verre verlede eerder as 'n huidige verbandlegging; beelde wat geheueverlies suggereer word in karakter gekies; Klein voel hoe hy leegloop, lek, helder en deurskynend word totdat 'n vreemde ek geleidelik die ruimte vul. Hy verlang hewig na die lente soos na die bevryding uit sy nagmerrie, maar die nuwe lewe breek steeds nie deur nie, alhoewel 'n stem in die slotsin fluister dat die lente gaan begin. Maar hiema volg 'n groot wit ruimte: Maarten is al vir die lente verlore.

Dit word ook in die komposisie van die roman duidelik gemaak. Paragrafe word steeds korter en is uiteindelik nie meer as half onbegryplike taalbrokke nie. Hy gebruik steeds meer die jy- en hy-voornamewoordsgebruik om sy gedagtes weer te gee. Taalverlies val saam met ek-verlies.

Een van die groot kwaliteite van die roman is dat dit die komposisie van Maarten se brein tasbaar maak in die atomisering van die taal tot kleiner deeltjies. Sy brein werk nie meer soos 'n taalmasjien nie, maar reproduseer slegs nog skimme. Soveel so dat hy homself afvra of die werklikheid nie ook slegs skimme is nie.

Die tydstrom is by Klein gestrem, iets wat ondersteun word deur die onvoltooid teenwoordige tyd waarin vertel word. Dit is nie 'n agterna-vertelling wat die leser sou laat vermoed dat alles nog gunstig eindig nie, maar 'n bewussynstrom wat onafwendbaar op die disintegrasie van die vertellende bewussyn afstuur.

Vervolg op bl 20

J BERNLEF is een van daardie professionele Nederlandse skrywers wat jare lank werk aan 'n oeuvre van gehalte, maar wat tog weens die eklektiese aard van sy werk nooit gewild is by 'n groot leserspubliek nie. Sy toneelstukke, poësie, essays, verhale en romans - waarvan die kortes "Sneeuw" (1973), "Meeuwen" (1975) en "Onderijsbergen" (1981) van die bestes was - het reëlmatig verskyn. Hoewel ouderdom, herinnering en herkenning, 'n fassinerende mengeling van werklikheid en vervreemding, ook sy vroeër werk gekenmerk het, moes Bernlef tot 1984 wag voordat hy werklik die groot leserspubliek bereik het: met juis dié temas.

Sy aangrypende roman "Hersenschimmen" was loshande die top-verkoper van 1984 en Bernlef ineens 'n "beroemde Nederlander". Nadat hy dit opgevolg het met die integrerende politieke roman "Publiek Geheim" (1987) kon Bernlef met sy poenskop, jeans en ronde brilletjies nie ongemerk meer in 'n Amsterdamse tram klim nie.

Die hoofpersoon van "Hersenschimmen" is Maarten Klein, ruim sewentig jaar oud, Nederlander, maar reeds vyftien jaar woonagtig in die VSA, in 'n kusedorp naby Boston. As gepensioneerde amptenaar van 'n internasionale visserij-organisasie het hy en sy vrou, Vera, in hulle dienswoning bly woon. Hy geniet van die kalm roetine van die daaglikse bestaan: wandelinge met sy hond, Robert, die kom en gaan van vissersbote en die verbygaan van die skoolbus, besoeke aan die dorpsbiblioteek en tweedehandse boekwinkels, klavierspeel, gesellige dae met Vera. Die verhaal speel af in die winter, waarskynlik in 1982, in 'n sneeulandskap wat veel meer word

as 'n onskuldige decor.

Die flapteks van "Hersenschimmen" (deur Querido uitgegee) is kort, maar daar staan ongelukkig tog te veel, naamlik dat die boek oor demensie gaan. Dit gee die konklusie voordat die leser self daartoe kan kom uit die samestelling van tekens wat in 'n toenemende tempo in die boek aanwesig is.

Wat is demensie? In die psigiatrie word daarmee die aftakeling van die persoonlikheid weens die agteruitgang van verstandelike funksies bedoel. Inprenting (die opneem en vaslê van nuwe indrukke), die geheue (reproduseer van vroeëre gebeurtenisse en kennis) en abstraksie- en kombinasievermoë neem af. Oriëntasie, begrip vir die omgewing, asook die reëling en beheer oor liggaamlike funksies raak gestoord.

Maarten Klein blyk te ly aan seniele demensie wat onherstelbaar is weens die mate van breinweefselverval. Sy gedrag wat aanvanklik nog aan verstrooidheid of gewone ouderdomslytasie gewyt kan word, neem vir sy omgewing steeds vreemde vorme aan: onverklaarbare opmerkings, plotselinge verdwynings. Geleidelik verloor Klein alle tydsbesef wanneer hy eers sy houvas op die hede en dan op die verlede kwyttraak. Hy dink dat hy nog kantoor toe moet gaan, praat oor sy oorlede vader asof die man nog leef, en na verloop van tyd begin hy sy vrou as "moeder" aanspreek.

Eers probeer Vera hom nog bereik en die huisdokter word ook bygehaal. Met 'n foto-album op die tafel probeer hulle tevergeefs om Maarten se geheue in die regte bane te lei. Naderhand kom 'n meisie as gesinshulp in hul huis woon. Klein verwar haar met 'n jeugliefde en met sy dogter. Vanselfsprekend loop sake so af



**RANDOM CENTURY SA (Pty) Ltd** publishers and distributors of quality books is pleased to announce that their books ranging from academic to children's are available through **Phambili Books**. Our academic list includes Routledge, Blackwell, Open University, Edinburgh University, Cassell and Evans Brothers.

Binnekort beskikbaar van Routledge:

- \* The End of the Bolshevik Dream
- \* Narrative in Culture
- \* Socialism Unbound
- \* China's Students: The Struggle for Democracy
- \* Stalin and Stalinism
- \* The Fatal Concert: The Errors of Socialism
- \* Communism and Development

Virago Books now available:

- \* Bird at my Window (Rosa Guy)
- A portrayal of the rigours of Harlem life in the 50's
- \* You can't get lost in Cape Town (Zoe Wicomb)
- A returned exile visits family and friends. A reluctant visitor to the land of her birth, she gets a fresh perspective on her exile and identity.

**NOT THE PRESCRIBED BOOKS**

**PHAMBILI BOOKS cc**


Pleinstraat 22 (Tussen Risik en Joubert)  
Posbus 34521, Jeppesfontein 2043  
Tel: (011) 294944

Oop: Maandag - Vrydag 9vm - 5,30nm  
Saterdag 9vm - 1,30nm  
Sondag 1nm - 5nm

**NIE DIE VOORGESKREWE BOEKE NIE**



# Dié man vertel 'n lekker leeu- storie



Uit: African Wildlife Sketches deur Jeff Huntly. (Ashanti, R59,95)

## LIONTIDE

Deur Christopher McBride  
Jonathan Ball Publishers (R54,95)

### TIENIE DU PLESSIS

OOR leeus is daar al baie geskryf en daar is baie leestories om kampvure vertel. Leesus het al hope PhD's aan verskeie navorsers van dierelewe in Afrika verskaf en die Kalahari-leeu het om die een of ander rede 'n besondere belangstelling by toeris en "kenner" wakker gemaak.

McBride vertel in "Liontide" sy kant van die storie oor die leeus van die Savuti. Chris McBride is natuurlik die man wat die wit leeus van die Timbavati (Oos-Transvaal) aan die mensdom bekend gestel het in sy boeke "The White Lions of the Timbavati" en "Operation White Lion".

In 1979 is die McBride-familie na die noorde van Botswana om die leeus in Savuti te bestudeer. Die Savuti-kanaal en vleiland lê in die Chobe Nasionale Park, wes van die Mababe-"depressie", 'n uitgestrekte mopanie-savanna. Die kanaal en die vleigebied het in 1981 opgedroog en is tans steeds droog. Dit is getrou aan die natuurlike patroon van droogte en nat tye deur die eeue heen.

Met die verdwyning van die water het die meeste van die troppe buffels wat eens daar gehou het, ook verskuif (noord-wes na Linyanti?). Die leeus het agtergebly. McBride en sy mense het die Savuti verlaat en sy plek is (die volgende vyf jaar) ingeneem deur Petri en Zane Viljoen. Petri het 'n PhD van Wits gekry vir sy studie oor die leeus van Savuti - Chris McBride het 'n boek geskryf.

McBride vertel 'n lekker leeu-storie in die boek. Eintlik is hy so iets tussen 'n maker van legendes en die gewone navorsers. Iemand op soek na harde "wetenskaplike" inligting oor leeus, sal moontlik teleurgesteld wees in "Liontide". Die inligting wat McBride verskaf is grootliks beperk tot bespreking van die prooi-spesies - 13 persent wildebees, 50 persent buffel, en dat 62 persent van die prooi jong diere of kleinwild was ('n studiewerkstuk sal binnekort verskyn: McBride, CJ & Behrens, BDP, Effects on buffalo populations in Savuti, Chobe NP, caused by selective lion predation on buffalo young). Nietemin is hy deurgaans met interessante besprekings rondom "studie-metode", "nag-observasie tegnieke" en interpretasie besig - enige "dogmatiese-denkpatriene" word sorgvuldig

besweer.

Tussen dié bespiegeling deur vertel McBride onderhoudend oor die leeus van Savuti. 'n Enkel voorbeeld:

Leeus kan tydens 'n jagtog 'n baie hoër spoed bereik - en oor langer afstande handhaaf - as wat tot nou aanvaar is. McBride was vergesel deur dr Christian de Greyling in die vroeë ure van 'n koue September-oggend toe 'n leeuwyfie 'n tsessebe jaag. Beide jagter en prooi was volwasse diere in puiktoestand. Die leeu was nooit verder as vyf meter agter die voortsnellende tsessebe nie.

Die jaagtog om oorlewing het 'n verbasende lang ruk geduur en na 'n wye draai, steeds op volspoed en in die rigting van die Land Rover, het daar skielik drie leeus uit die gras voor die aanstormende bok verskyn. Die jag was suksesvol.

McBride en De Greyling stem saam dat die afstand van die resies ten minste 'n volle kilometer was! Dit beteken dat hierdie leeuwyfie in staat was om vir 'n kilometer ver, teen ongeveer 110 kilometer per uur, een van die vinnigste wildsoorte in Afrika te volg!

Die talle kleurfoto's in die boek verhelder die nagtelike ondervindings van die McBrides tussen

die leeus van die Savuti. Die foto's is nie van die koffietafel soort nie en sommige is deeglik grusaam. Die boek is eerder die verhaal van mense wat 'n aantal merkwaardige jare in die "wildernis" deurgebring het as 'n storie van merkwaardige "nuwe" wetenskaplike bevindings.

Maar, dit is gewoon 'n lekker boek, moet nie te veel verwag nie - goeie stories bekruij jou mos altyd onverwags.

Tienie du Plessis is 'n mede-direkteur van Taurus-uitgewers en 'n gereëde bydraer tot Vrye Weekblad

## Apartheid-debat verg meer nuanse

### DEMONS OF APARTHEID

Deur Cecil Ngcokovane  
Skotaville (R15,95)

### THEUNS ELOFF

HIERDIE boek, gegrond op die skrywer se doktrale studie, is een van talle teologiese werke wat op die oomblik op die mark beskikbaar is oor die oorsprong en teologies-ideologiese basis van apartheid. Dit is dus 'n evaluering van wat apartheid die afgelope veertig jaar gedoen het. Dit is inderdaad nodig om histories, teologies en ideologies na die geskiedenis van apartheid te kyk, omdat dit, selfs met die vinnige verandering wat op die oomblik aan die gang is, nie moontlik is om 'n nuwe Suid-Afrika met 'n "skoon lei" te begin nie. Swart Suid-Afrikaners sal nie kan vergeet nie, en swart en wit Suid-Afrikaners sal nie mag vergeet wat 'n nie-demokratiese totalitêre stelsel aan 'n land en sy mense gedoen het nie. 'n Studie soos hierdie moet daarom verwelkom word.

Die skrywer ondersoek basies drie organisasies wat, sover hy aantoon, vir die apartheidsideologie verantwoordelik was: die Nasionale Party, die NG Kerk en die Broederbond. Wat die NP betref, ondersoek hy van 1948 af elke premier se regeringstyd, en toon duidelik hoe dat die apartheidstelsel deur wetgewing opgebou is tot en met die totalitêre stelsel onder PW Botha. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar drie redes is waarom die grootste meerderheid wit Suid-Afrikaners (ondersteuners van die NP) apartheid aanvaar, nl om hulle dominante posisie te verseker, uit vrees en as gevolg van rasse-vooroordeel (p137-139).

In sy evaluering van die NG Kerk se aandeel in die opbou van apartheid, ondersoek hy volkskongresse, die Cottesloe-beraad en die Landman-verslag. Hy kom eweneens tot die gevolgtrekking dat daar sekere redes is waarom die meerderheid NG Kerk-lidmate apartheid aanvaar, nl om die Christelike blanke beskawing te bewaar, omdat dit in die beste belang van swart en wit is en as gevolg van hulle "sosiale geheue" oor swartmense en "hulle primitiwiteit". As teoloog sou 'n mens egter van die skrywer 'n meer diepgaande evaluering en konklusie oor hierdie belangrike aspek verwag het.

In sy evaluering van die Broederbond maak hy gebruik van die bestaande werke en trap daarom in die slagat van 'n nie-Afrikaner om die rol van die Broederbond (veral in die later jare van die NP-regering) totaal te oorskakel. Sy konklusie dat daar 'n intieme verhouding tussen die NG Kerk, die NP en die Broederbond is en

was, staan egter op stewige pote.

In 'n goeie laaste hoofstuk gee hy 'n oorsig van wat apartheid gedoen het: dit het deur 'n teologiese onderbou die ideologie gelegitimeer, verskille in die Suid-Afrikaanse bevolking (veral etnies) gemanipuleer, en dit het wat hy noem "vervangings-fenomene" tot stand gebring. Met laasgenoemde bedoel hy dat die NP, die Broederbond en NG Kerk iets soos die godsdiensgevoel en etniese verskille gebruik het om die fokus van onreg af te trek. Hierdie is 'n nuwe bydrae tot die debat en 'n insig wat selfs meer aandag verdien.

In die geheel gesien slaag die werk egter nie as 'n populêre oorsig oor die geskiedenis van apartheid nie. Daar is verskeie redes hiervoor: \* die boek is steeds in 'n sterk wetenskaplike trant geskryf met kruisverwysings en sistematiese nummering en indeling - dit lees gevolglik moeilik. Iets wat verder hinder is dat die skrywer in die eerste persoon skryf.

\* 'n Mens kry die indruk dat die boek vir die Amerikaanse mark bedoel is, of ten minste in 'n Amerikaanse konteks nagevors is. So omskryf die skrywer verlig en verkramp as regs en ver regs van president George Bush. Hy projekteer so die verlig/verkramp in die laat sewentigerjare na die laat tagtigerjare. Benewens 'n ietwat ideologiese styl, is daar ook talle oorvereenvoudigings, soos dat in die laat tagtigerjare toe die boek verskyn het, die NP steeds die NG Kerk in gebed is (p184).

\* Beide die NG Kerk en die Broederbond se huidige invloed word ver oorskakel. Daar word geen rekening met die huidige breuk in albei hierdie organisasies gehou nie, asook nie met die lamheid waarmee hulle en veral die NG Kerk geslaan is nie.

\* Enkele opvallende onfeitelikhede hinder ook: Gerrit Viljoen word nog as voorsitter van die Broederbond aangegee, en die nasionale state as 'n finale oplossing word in die mond van die NP van die laat tagtigerjare gelê (p83). Die teks wemel ook van tipografiese en tikfoutes (p139, p182 en p193).

In geheel gesien maak die boek 'n bydrae tot 'n debat wat aan die verflou is. Benewens die feit dat die boek gedateer voorkom omdat dit voor 2 Februarie geskryf is (iets wat 'n mens kan verskoon), gee dit ook die indruk dat dit nie kennis neem van wat selfs teen middel-1988 in Afrika-kring begin gebeur het nie. Op pad na die nuwe Suid-Afrika sal ons in ons kritiek meer genuanseerd en onderskeidend moet wees.


Theuns Eloff is 'n oud-predikant en tans konsultant in politieke-ekonomiese hoedanigheid

## Kortprosadebute wat tref



"...die soort verhaal  
wat konstantes binne  
'n letterkunde word'"

Hennie Aucamp



"... 'n sterk bundel wat  
'n mens laat vooruitsien  
na sy opvolger'"

Gunther Pakendorf

Indien nie by u naaste boekwinkel beskikbaar nie,  
skakel gerus (021) 24-1320 of (011) 792-2919

Tafelberg



# Henkie het darem 'n funny ma

'n Kortverhaal deur  
RACHELLE GREEFF

Laetitia, die Colour Me Beautiful-konsultant, sê ag noem my sommer Tish. Sy't ook 'n kind by die partytjie, of twee.

En terwyl die kindertjies se Partytjiepret 2-klere bemors word met Partytjiepret 1-icing probeer Laetitia (Tish) een van die ander ma's oortuig dat dié eintlik 'n somermens is en daarom koel, gedempte en ligte kleure behoort te dra. Laetitia (Tish) se naels en sekure liplyn is presies dieselfde babygro-pink as die blommotief op die Arzberg-koppie in haar hand.

Sy voel hoe haar wangvel warm word toe die ma langs haar die kleur, wat sy aan het, beskryf. En Laetitia (Tish) skarrel in haar kop deur haar kleurgids in geval sy dit tóg gemis het in haar weeklange kleurkursus. Het dit 'n blou of 'n geel onderton, wonder sy, of is dit bottelgroen.

Maar die vrou in die ongelyste groen het intussen opgestaan. By die half meter lange lokomotiefkoek kyk sy hoe die kinders die liquorice, pipe-cleaners en die Smarties afpik.

"Kyk," sê Laetitia (Tish) vir die gas naasaan in die afwesigheid van die groene, "jy val in een van twaalf kleurkategorieë and that's it. Ek verstaan glad nie hoekom vroue so never-mind is nie."

Ek moet, dink sy terwyl sy praat, 'n voorbeeld kry. Stylvolle voorbeelde is essensieel. "Kyk nou byvoorbeeld na Carike Keuzenkamp ... ek bedoel daar op die Huisgenoot. Dis mos nou 'n vrou wat haar kleur ken. Styl, grimering, the whole lot. Dink jy nie dis die minste wat ons kan doen nie?"

En voor haar lippe wegraak in die Zerban's-swartwoud buig sy skielik nader aan haar buurgas en fluister: "Henkie se ma sê daai rok van haar is treinbankgroen. Sy's darem 'n funny vrou nè."

Toe die vrou en haar kind baie jare gelede in Suidwes gaan kuier het, het die treinspoor tussen Swakop en Walvisbaai nog seelangs geloop. Net tree van die water.

Maar met die oosweer was die spoor altyd onder sand. En die trein word ure vertraag want dan kan hy net kruie, stop stop, terwyl die werkers van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens die spoor oopgrawe.

Dis dan wanneer die treinkelners uitspring en land op die strand, een hand in die sand vir balans. Verlos van die op en af, opmekaar werkery en geruk, die roet, versag hulle gesigkontoure. Sommige slenter af water toe, ander staan en praat. Een kammaboks op na die meewe wat laag skree oor sy kop.

Nou, glo, loop die spoor agter die duine. "Jy sal wel bewus wees, hiperbewus," verduidelik die psigo-terapeut gerusstellend by die vorige sessie, "maar redelik onbewus van die hier en die nou, jou lyf en so. Beskou dit as 'n inbeweeg in jou onderwuste in, waar jy deel word van jou eie film. As ek sien dit word te swaar sal ek jou laat uitkom."

Haar pasiënt dink OK, here I come, Max Collie.

Die terapeut beduie in die rigting van die oop balkondeur bo die yuppituine: "Dalk hoor jy selfs die duiwe buite."

Dis net tien trappe af na die ouditorium. Die pasiënt kan haar eie voetstaple terwyl sy afklim en tien nege agt sewe ses vyf vier drie twee een tel nie hoor nie, want op die trap is 'n mat wat onder haar voete voel nes die lang groen lap van vilt op die klavierklawers lank gelede by haar ma se huis.

Haar ma speel Liszt se Liebestraum, baie maal. (Die bekende derde erken sy veel later.) Dit maak haar droewig waar sy agter haar ma op die mat sit by haar papierpoppe of boeke. "Nee, nee, Poplap," troetel haar ma se blink oë, "nie nou al nie."

Buite, in 'n ander huis, trek iemand 'n toilet. Where are the doves?

"Kies vir jouself 'n siplek. Net waar jy wil. Onthou jy's alleen, daar's niemand anders nie. Set net waar jy wil."

Sy sal in die middelsit, met arms agtertoe oor die leuning en die bene selfvoldaan gestrek, soos 'n regisseur. Of sal sy gaan vir die swart strook langs die kant, reg langs die muur onder die drapering van mock-fluweel.

Die plek wat sy kies is regs, langs die kant. Sy dink, terwyl sy gaan sit, die fluweel is seker aspris so walglik geplooi vir gewydeheid, nostalgie of wat ook al, en sy lag.

Sy hoor haar terapeut skryf.

Eers sien sy niks op die skerm nie. Dan word die niks korrelië. Sand. Woestyn. En, na 'n hele ruk, verskyn 'n donker, swart, ding ver agter.

"Ek weet nie. Is dit 'n man of is dit 'n masjien?" Sy hoor weer die pen. "Dis 'n masjien. 'n Trein."

Haar ma vat die wit papierservet wat oor is van die oggend se broodjies en stirofoam-koffie en vou dit twee keer in die lengte. Min of meer so, verduidelik sy met haar oë op haar hande, lyk 'n sanitêre doekie, met 'n watte-verdikking binne-in. Party vroue sê sommer pad. Jou ouma het ons s'n self gemaak, van lap, met die naaimasjien en ons moes dit maar was en weer gebruik. Maar gelukkig, glimlag sy stram, kry mens dit nou by die apteek. En dan het jy nou twee sulke lussies van lap hier (en buite in die treingang sê die dik man, wat altyd die hele gangetjie vol leun dat jy nie anders kan nie as teen sy boude skuur, met hierdie wind verskuif die duine geheel en al) en jy werk die rek deur en klim nou daarin. Soos in 'n broekie.

Sy het as kind soms gewonder oor haar ma se lyf, onder al die klere. Eenkeer langs die Sondagtafel terwyl sy in die blomkool en witsous hap, sê 'n stem só lyk Ma.

Dit bly steek, bly pla. Toe sy klein was, moes sy tog haar ma se borste gesien en gevoel het oor sy aan haar gedrink het. En sy's seker dit was nie blomkool nie, Ma se bors. Maar nou word dit mos van haar versteek.

Saans, wanneer sy op die boonste bank van die koepee lê en haar ma dink sy slaap, sien sy haar uitrek.

Dit neem lank, want dis baie klere en haar ma is kortasem en die treinvloer ook nog onvas. Onder die oopknooptrui en die crimplene-rok is daar die onderrok, die langlyf-bra, die step-inbroek met die pype en die vleiskleurige kouse. Haar onderklere is dieselfde kleur as haar boklere: geelwit en naaswit en beskuitbruin.

Soos haar ma se klere minder word, roer die reuk van verpoeierde perske op haar bank.

Haar ma is 'n asmalveren is op kortisoos. Die een rede waarom sy oorgewig is. Een aand gaan sit sy op die onderste treinbank om te rus terwyl sy uitrek, want haar bors fluit eintlik so. En sy, wat bo lê, kyk af op haar bleek, lobberige knie sonder kous. Onder die knie in, soos deltamondings getrek op kaarte, is fyn fyn pers strepies. En haar ma se maag en borste en haar dye is ronde horisonne. Terwyl sy aan die slaap bo die trein taktakketak gly sy al hoe nader aan 'n ander land met sagte heuwels..... onder die dowwe dakliggie van die eerste klas-koepee.

Hulle grawe die treinspoor oop. Die mans in oorpakke by wie hulle later stadig verby, en vir wie die mense in die trein appels en lekkers gooi. Verder af maak die waens 'n knak en hulle kan nie van hul koepee tot by die lokomotief voor sien nie. Die treinkelners hang laggend aan die traprelings. Spring, word pikkewyne op die strand. Sy wil haar stywe, skaamnek omdraai en kyk, die skuifraam afdruk en uitleun. Roep haai wag vir my, ook land op die sagte sand.

Dit begin as jy so twaalf is, sommer een van die dae, Sus. Vir party vroue is die pyn verskriklik en hulle word sommer flou van die krampe, ag, maar dit kan mens ook regdokter.

Haar ma se hande vou die spoorwagservet van papier al hoe kleiner totdat dit nie meer kan vou nie. Haar stem is vreemd. Nes wanneer sy dit het oor haar broer wat so gesing het, die Italiaanse arias wat hy geleer het by die Italiaanse krygsgevangenes op die plaas, voor hy dood is.

Dan mag jy nie hare was nie en nie kaalvoet loop nie en as jy nou groter is en self 'n Mamma sal jy weet...

In die treingang, waar die passasiers maklik van balans af gepluk word, bly die kelners altyd regop. Hulle skerts of fluit net harder wanneer hulle gelaaide skinkborde verskriklik skuins oorhel. En as haar ma in die toilet is en sy alleen in die gangetjie of die koepee, verbeel sy haar hulle knipoog in die verbygaan en swenk hul

smal heupe met die draai by die silindervormige plastiekwatertenk in die hoek.

Die kelners is nie hulle tipe nie. Sy kom dit agter aan haar ma.

As sy by hul slaaphokkies verby, vervelig op en af van die een wa na die ander, vang haar oog 'n flenter rug of die donker van hare teen 'n wit cuff. Agter die toe skuifdeure, hoor sy dinge.

Hulle hou hul elmboë hoog wanneer hulle bedien en maak grappies met haar ma wat baie korrek ja en dankie. Maar eenkeer, na twee bier-shandy's, bloos haar ma en kantel haar gesig.

Terug in die koepee luister hulle Almal Se Gunsteling. Haar ma leun met toe oë terug teen die treinbank en neurie saam.

Maandstonde of menstruasie. Die tweede woord is vir haar so moeilik soos materiaal was op drie. Sy sê oor en oor, sonder klank, soos 'n les, m a a n d s t o n d e maand-stonde stonde. Outydse, Bybelse woord.

Buite blink die kelners se epoulette in die son, hul skouers is reghoekig en swart teen die branderskuim. Hulle lag en steek sigarette op. Haai, sê iemand by 'n venster, dis Dolfynstrand.

Saadselle en eierselle. Soos wanneer haar pa vir haar wiskunde probeer verduidelik: aspris wil sy nie verstaan nie, en dan skielik kansy nie. Sy wil die ruit met die embleem (die bok se een starende oog mik heeltyd na haar toe) dringend afdruk en haar bene uitswaai.

Die dik man leun steeds op sy elmboë by die gangvenster uit en sê van sandstorms kan julle my niks vertel nie. Kus van die dood, sê hy vir die vrou langs hom wat haar kop veruitsteek om te probeer sien wat voor gebeur. Die man se navy blue blazer trek oop agter op sy boude.

Die vensters is vaal van die seelug en roetstof, maar sy kan die pikkewyne en die seevoëls sien. En hoor.

In Walvis is die teerpaaië nie van teer gemaak nie, maar van sout, vertel haar oom. Die bande van die karre wat so swart afgee. Sleg glad as dit reën, maar gelukkig reën dit maar min hier. Sy word naarin 'n winkel en flou. By die huis word sy 'n dop Klipdrif ingejaag en met 'n warm sak in die bed gesit. Haar niggies, wie se sykouse onder die badkamerbak droog drup, praat stilletjies onder mekaar in die deur. Hulle kyk na haar met jammer, begrypende oë.

Maar dit was jare te vroeg. Dit was net die water van Rooibank wat nie met my akkodeer



het nie en die vismeulfabriek wat so gestink het. Ek het eers op sestien begin menstruer. Hoogs die moer in, meestal oor die doekies en die gefluister. Vir wat. Dat niemand dit dalk durf weet of ruik nie. Die meisies het gesê mens moenie nou die seuns French kiss nie omdat jou spoeg na yster sal proe. Jissistog, as jy my water eet so what. Tamponne, het ek later uitgevind, is nog erger - 'n totale toedruk. Vir wat kan my bloed nie taa wees teen my waaie nie, vir almal om te sien. Of drup op die grond voor dit in die aarde insypel. So was dit op sestien.

Die wit van Laetitia (Tish) se oë rek skielik en begin tran. Sy verstik in haar tee agter haar hand.

Die regop klavier van donker hout staan in die eetkamer. Wanneer die ma hier kom sit om te speel - net in die week as haar man nie daar is nie - is haar bors nooit toe nie. En sy speel vir haar kind, die meisiekind. Haar oë aai die kind, oor die klavier, oor haar skouer. En haar kind verkyk haar as Ma se kuite en bo-arms rol saam met die ritme van die masurkas, die walse of die Pizzicato-polka wat uitdans onder haar hande.

Na die suurstofent is die klavierdeksel nooit weer oopgemaak nie.

"Ek gaan nou tel tot by drie en as ek by drie kom, sal jy wakker word in jou eie tyd."

Nou's dit mos Namibië, sê die vrou in die treinbankgroen outfit baie sag en die psigo-terapeut skryf dit neer voor sy haar A4-aantekeningeboek toemaak. En die pasiënt, wat in haar handsak krap na 'n tissue, kan nie dink wat sy moet doen nie.

Rachelle Greeff het vanjaar gedebuteer met 'n bundel kortstories, "Die rugkant van die bruid", en is 'n vryskutjoernalis van Kaapstad

Emma Huismans

## Berigte van Weerstand

EMMA HUISMANS se debuut as kortverhaalskrywer bevat onthutsende 'berigte' oor ervarings in swart gemeenskappe van die Kaap. Sy skryf onsentimenteel en vanuit persoonlike kennis oor die volgehoute stryd teen die magte van apartheid.

Dié boek is 'n merkwaardige leeservaring – vir enigiemand wat nie bang is om sy oogklappe te verloor nie – MC Botha

Prys: R20,50 (posgeld en avb ingesluit)  
Bestel hierdie boek direk van TAURUS, Posbus 39400, Bramley 2018  
of doen navraag by die naaste boekwinkel



# Die blanke, middelklas luukse van feminisme

ANNEMARIÉ VAN NIEKERK

FEMINISME is veronderstel om die onderdrukking en uitbuiting van die vrou tot 'n kollektiewe bewussyn te ontwikkel met die doel om dit te verander. Hierdie taak is egter nie eenvoudig nie, aangesien hoofstroom feministiese bewegings wêreldwyd, en plaaslik, dikwels ignoreer dat "vrou" nie 'n simplistiese homogene kategorie is nie. Dit word verder gekompliseer deur die feit dat die posisie van die blanke middelklas-vrou, wat tot dusver g.oot inspraak binne feminisme verkry het, nie 'n verteenwoordigende posisie van die vrou is nie. Hierdie en ander verwante probleme het gelei tot 'n krisis binne feminisme.

Swart, werkersklas en lesbiese vrouens wat dikwels binne feminisme gemarginaliseer word, eis nou die inkorporering van hul belange. Indien feminisme nie hieraan gehoor gee nie, word die bestaansreg daarvan verwerp. Die redes vir hierdie verwerping is veelvuldig. Sommige opponente voer aan dat feminisme 'n teoretiese luukse en middelklas aktiwiteit is wat berus op die bevoorregting van geld en skoling. Ander argumenteer dat dit as 'n kapitalistiese instrument gerig is op die verdeling van die werkersklas. As sulks behels dit 'n aktiwiteit wat politieke energie absorbeer en neutraliseer.

'n Soortgelyke krisis woed op literêre front. Skrywers en literêre teoretici ontbloe dat wit kritici as

teoreties-feministiese toerusting dikwels nie toepaslik is op sogenaamde "black writing" nie. So byvoorbeeld het Alice Walker en die Nigeriese kritikus Ogunyemi die term "womanist" geskep om die kritiek te benoem wat spesifiek gerig is op die werk van swart vroue en die aard van die verhouding tussen die onderdrukking van swart vroue en literêre produksie. "Womanism" is met ander woorde veral gerig op die interaksie van geslagskwessies met rasse, kulturele, ekonomiese en politieke kwessies.

Christine Quata beklemtoon in haar boek "Women in Southern Africa" die noodsaaklikheid vir die swart Suid-Afrikaanse vrou om die literêr-teoretiese krisis waarmee sy gekonfronteer word self te identifiseer en te analiseer. Sy spreek besorgdheid uit oor die koloniseerder-kritikus se gebruik van teoretiese aannames en instrumente sonder 'n realistiese beraming van die konteks, en dat hierdie houdings dikwels feministiese navorsing domineer wat onder andere daartoe lei dat die koloniseerder-kritikus se navorsingsposisie haar status as intellektuele mentor van die

onderdrukte vrou beskerm.

Feministiese diskoers in Suid-Afrika moet dus waak teen die koërsiewe indringing van teorieë geïnisieer en geperpetueer deur wit, middelklas, eurosentriese akademici. In plaas van om 'n valse monolitiese beeld van die vrou te projekteer, word 'n korrekter dringend vereis, wat die ooreenstemmings en verskille tussen die veranderende historiese momente van die feministiese stryd ontbloot.

Wanneer feminisme vandag binne die Suid-Afrikaanse literêre sfeer benader word, moet veral prioriteit verleen word aan die analise van die geslags- en ras-repressiewe strukture binne die literêr-kulturele paradigma. In ander kontekste regoor die wêreld het die stryd om nasionale bevryding gepaard gegaan met kulturele herevaluasies, wat dikwels 'n ontugtering getoon het ten opsigte van pre-revolusionêre literatuur, gevorm deur die literêre eise van die koloniseerder, maar ook 'n oplewing en ontwikkeling van pre-gekoloniseerde kultuur. In aansluiting hierby moet Suid-Afrikaanse feminisme nou ook die breër historiese verskuiwings in die land registreer en saam met ander kulturele groeperinge leiding neem in die verskuiwings op die kultuurfront.

Literêre introspeksie vereis 'n herevaluasie van literêr-kritiese meganismes. In hierdie sin is Toril Moi se eis vir 'n radikale nuwe feministiese kritiek op die vlak van geslagspolitiek, soos sy dit stel in haar boek "Sexual/Textual Politics", van groot belang vir ons konteks. Hiervolgens ontbloe feminisme die politiek van sogenaamde "neutrale" of "objektiewe" werk en tree ook op as radikale kultuurkritiek.

Feminisme binne die Suid-Afrikaanse konteks, waar rasseonderskeidings oor die algemeen gesinchroniseer is met klasseonderskeidings, behoort nie slegs sensitief te wees vir ras-superieure houdings nie, maar ook dié van klas. Behalwe vir al die ander sosiale gevolge wat klassisme oplewer, affekteer dit intellektuele produktiwiteit. Marlene Packwood noem in 'n artikel, "Class in the women's liberation movement" dat klassisme 'n spesifieke soort onderdrukking is waartydens die reëls, waardes, en ideale van een klas op 'n ander oorgeskryf word binne die hiërargie van gestratifiseerde waardes. Sy noem dat dit binne feminisme vanaf die middelklas na die werkersklas filter, deur hulle 'n taal te ontse, te ban van selfekspresie, na hulle te verwys as naïef, onnosel, kru, onopgevoed en oneffektief.

Behalwe hierdie intellektuele vooroordele, en die feit dat die meeste Suid-Afrikaanse swart vroue 'n skryf- en lees-opvoeding ontse is, word hulle verder ontmoedig deur uitgewers, kritici, antologiseerders en opvoedkundiges, wat volgens hul Westerse androsentriese literêre waardes die meeste swart en werkersklas vroue se werk benader met die vooropgestelde houding dat dit "swak" is.

Anglo-Amerikaanse feminisme het alreeds 'n model aangebied vir die konfrontering van kanoniserings van middelklas manlike waardes en eensydige houdings wat "goeie" literatuur deur "groot" skrywers wat die "outentieke realistiese algemeen-menslike ervaring" uitspreek,

idealiseer. Moi noem in "Sexual/Textual Politics" dat die literêre kanon van "great literature" sorg dat die "universele, verteenwoordigende ervaring" gewoonlik geselekteer deur manlike burgerlike kritici, oorgedra word aan toekomstige geslagte. Dit sluit gewoonlik die ervaringsgeartikuleer in vroue- of werkersklaswerk uit, deurdat laasgenoemde beskou word as afwykend en onverteengewoond.

In sy voorwoord in Staffrider 8(2), 1989, redeneer Oliphant in hierdie verband ten gunste van groter konseptuele helderheid met betrekking tot die verskillende literêre vorms wat in Suid-Afrika beoefen word, in verhouding tot die menigvuldige tradisies waaruit dit ontstaan. Hy stel 'n benadering voor "...which will have to avoid the dangers of authoritarian tendencies to advance and enforce a single undifferentiated aesthetic system. It will have to come to terms with the phenomena of aesthetic heterogeneity as well as develop the conceptual means to trace, analyze and situate the literary work within the context of its literary self-definition, its material and ideological determinants, its symbolic projections and interplay with social historical questions." 'n Totale herevaluasie van ons literatuur, 'n rekonstruksie van die literêre tradisie en die herskryf van 'n literatuurgeskiedenis het noodsaaklik geword.

Sodanige herdefiniëring sal onder andere plek moet maak vir orale en werkerstradisies. Die koloniserings van tradisionele kultuur deur westerse estetika het veral twee gevolge gehad vir vroue se deelname op hierdie gebied. Die orale tradisie wat vrouens aktief beoefen het, is afgeskeep en ontken deur die koloniseringskultuur. Laasgenoemde vereis dat skrywers as individue oorspronklike uitsprake maak om na waarde geag te word. Hierdie vereistes staan in teenstelling met die rol van die kunstenaar in kommunale gemeenskappe waarin die oordraer belangriker is as die anonieme oorsprong.

Die status van die vrou in baie Afrikagemeenskappe maak dit vir haar moeilik om haarself as individu uit te druk. Daarom is dit nou vir haar 'n nog groter probleem as vir die swart man om te skryf. Sy verloor nie slegs



haar tradisionele kulturele posisie nie, maar beleef ook 'n ernstige krisis in haar ambisies binne 'n Westerse estetika.

Om die gevestigde estetiese waardes wat algemeen beoefen word te konfronteer, is verwickeld. Vrouens is in die algemeen uitgesluit van tradisionele skolastiese magstrukture. Swart akademici, vroulik of manlik, is feitlik totaal gehetteer. Hulle word grootliks ingeperk tot periferale tuisland-universiteite of blankgekontroleerde swart universiteite en kolleges. Op hierdie manier word institusionele hindernisse opgerig wat androsentriese blanke middelklas kanoniserings en literatuur definieëring beheer.

'n Suid-Afrikaanse feminisme behoort maternalisme, etnosentrisme, klassisme, en houdings van taalsuperioriteit af te keur. Dit behoort verder nie slegs die kanon te konfronteer nie, maar ook bogenoemde strukture waarbinne dit tot stand gebring en oorgedra word.

Annemarié van Niekerk doseer Afrikaans op die Daveyton-kampus van Vista Universiteit

## Sewe Paragraawe Township

PIET NASARET

PAR #1: Sonder om nou soos 'n lanie te wil witgatspreu, die girl is plein vreklik, 'strue's God, my bra.

PAR #2: Verder sleep sy voet, buk-buk, pas asof sy klip soek, sodat basterbrakke tjank, straataf gatskoonmaak.

PAR #3: Sedert kindsbeen unemployed, gooi sy dan en wan nog fits ok, bytie tong, skym ommie mond, gil op God toe, vir wat.

PAR #4: BUT THESE ARE THE DAYS OF MIRACLE AND WONDER:

'n Laaitie, nou reeds moerland, chaff haar, op 28 nog 'n virgin; hy die eerste steun en kom; het sy ooit.

PAR #5: Die tsotsi gee haar toe ACQUIRED IMMUNODEFICIENCY SYNDROME - Djesas, man.

PAR #6: Haar naam is Patience K, gebaar op 14/4/62 in 'n black spot te Eersterivier, net voorlat Group Areas haar mense hiernatog gebulldoze het.

PAR #7: Heel sucks, my bra.

Piet Nasaret is die skuilnaam van 'n Kaapse skrywer

### WITAFRIKANE?

'n Gesprek met Nico Smith

Redakteurs:

Murray Hofmeyr, Klippies Kritzinger & Willem Saayman

NICO SMITH is 'n teoloog van intemasionale formaat. Sy standpunte en lewenskeuses vra diepgaande vrae oor die inhoud van 'n menslike 'wit' bestaan in Afrika.

Rondom sy sestigste verjaarsdag in 1989 het 'n aantal van sy kollegas en oudstudente besluit om met hom in gesprek te tree oor een van die sentrale temas in sy lewe en denke - die begrip *wit Afrikane*. Dit is nie 'n akademiese feesbundel wat net vir 'ingewyde' teoloë geskryf is nie. Dit is geskryf deur mense wat saamstem met sy visie - vir almal wat besig is om te dink oor 'n 'nuwe' toekoms vir witmense in Afrika.

In *WITAFRIKANE?* soek 'n groep skrywers van oor die hele Suider Afrika na die inhoud van 'n 'wit lewe' wat bevry is van die vloek van apartheid.

256 Bladsye, sagteband

Publikasie: September 1990

Prys: R28,88 (avb & posgeld ingesluit)

Bydraes deur:

Willem Saayman	Denise Ackerman	Tony Balcomb
Albert Grundlingh	Klippies Kritzinger	Chris Loff
Hannes Adonis	Gerrie Lubbe	Rudolph Meyer
Willem Nicol	Dirkie Smit	Johan Wolfaardt
Adrian Blom	Pieter Dumas	Murray Hofmeyr
Ivor Jenkins	Christo Lombard	Andries Odendaal
Stiaan v.d. Merwe	Dion van Dyk	Marlene van Niekerk
Inus Dancel	Antjie Krog	Wilhelm van Deventer

Bestel u eksemplaar van hierdie publikasie by:  
TAURUS Boek - Posbus 39400, Bramley 2018

Naam: .....

Adres: .....

.....kode: .....

My tjek/posorder van R28,88 (posgeld en belasting ingesluit)  
vergesel hierdie bestelling.



# Is die Afrikaner dan nog steeds slegs Boer?

## DONDERDAG SE MENSE

Deur Pieter Fourie  
HAUM-Literêr (R18,95)

## RIKE VAUGHAN

PIETER FOURIE se dramas eksperimenteer geruime tyd reeds met tydrumtelike simultaneïteit: die gelyktydige voorstelling van gebeure op verskillende vlakke, dikwels dan nog met doeblering van karakters - in "Mooi Maria" en "Die Joiner", byvoorbeeld, met groter, in "Die groot wit roos" met minder welslae - om deur middel van ironiese jukstapenering van teenoorgesteldes en parallelle, standpunte, houdinge, geskiedenis onderling ten opsigte van mekaar te relativer.

In "Donderdag se mense" neem die verdubbeling die vorm aan van twee egpare, een wit, die ander swart, wat langs, maar ook teenoor mekaar opgestel word om spieëlbeelde van mekaar te vorm, of dan, omgekeerde spieëlbeelde, want eintlik val die klem, in weerswyl van potensieel analoë situasies, uiteindelik juis op die verskille tussen hulle. Gesprekke wat gelyktydig gevoer word binne (plaashuis) en buite (werf) oorvleuel mekaar en speel op mekaar in, sodat hulle mekaar oor en weer aanvul en bekomentareer en die toeskouer ten slotte deur middel van 'n reeks simultane handelingsmomente vanuit sy bevoorregte posisie van ingeligtheid die 'waarheid' en die 'boodskap' daaruit kan aflees.

Nuut is die 'wêreld' van "Donderdag se mense" nie, want sowel die



Pieter Fourie

Boere(plaas)milieu (tot die voorliefde vir afvalkos toe) as die 'oorlamsheid' van die (plaas)volk' het 'n mens reeds eerder in "Die Joiner" teëgekomen en ideologiese gesprekke sou dié spel selfs in 'n sekere sin gesien kon word as die dramatisering van die logiese uiteinde, die gevolge van die keuse wat aan die slot van die vroeër stuk deur 'die Afrikaner' gemaak word vir

die verlede ten koste van die toekoms, wat (by hierdie resensent, ten minste) 'n kriebelrige gevoel van déjà vu laat en noop tot die (miskien onregverdige?) vraag: is die Afrikaner dan nog steeds slegs Boer?

Sou Fourie hom nie 'n slag wil waag aan die problematiek van die Afrikaanse steding nie, waar kontraste minder enkelvoudig skerp omlin

is, maar daarom dalk in hierdie dae boeiender, wat subtieler en komplekser ontginbaar sou kon wees?

Nou kry ons die bra skraal verhaal van Piet en Letta, die Baas en Nooi van die plaas, wat hulle ryk geboer het op die rûens van Tem en Sina, die goeie, getroue, onmenslik uitgebuite 'volk'-in-slawerny, wat selfs moet terugstaan vir Oubaas, die plaashond, as daar aalmoese uitgedeel word. En terwyl Baas en Nooi, brandewyn en pienkwyn in die hand, blou flieks kyk, nostalgies raak oor Sun City en quickie-seks het op die mat, sit Tem en Sina in liefde bymekaar dwarsdeur 'n verklumkoue nag die pas geslagte skaaparkas en oppas teen rondloperkatte, besin hulle oor die lewe, oor Christen-wees en veral oor die verbod op hul vrugbaarheid wat driemaandeliks per kontrasepsie-spuitsmaald deur die Baas op hulle afgedwing word.

Soos in "Die Joiner" word ook hier weer vrugbaarheid die simbool van geseënd-wees en word die liefdesdaad as skeppingsdaad en die verlangete na kinders, na die volheid van 'n gesinslewe, materiële armoede ten spyte, geplaas teenoor die vervreemding, steriliteit en isolasie in die leë binnekring van die paar. Little rich people wie se seun wat Donderdag verjaar, nie meer huis toe kom nie, omdat pa en seun mekaar nie meer kan vind nie vanweë 'n botsende toekomsvisie, wat van al die voorbereidings vir Donderdag se (verwagte kuier-) mense 'n hol ritueel maak.

Ten slotte dien die ritueel dan by uitstek om die kontraste tussen baas en klaas uit te spel: die handigheid van Tem en Sina, hulle onvermoede

vlyt en trou, hulle onontbeerlikheid as die ware spil waarom alles draai, word des te skrynerder ironies belig omdat dit geskied deur middel van die dom, begriplose, paternalistiese-neerbuigende houding jens gesprekke oor en 'met' hulle (van ware kommunikasie is daar geen sprake nie). En natuurlik deur die kontradiktoriese handeling wat ten opsigte van albei egpare op die twee vlakke gelyktydig waargeneem kan word.

Daar is sterk momente in die stuk. Iets van die leegheid van die 'wit' en die magtelose vereensaming van die verdrukte 'swart' bestaan wat in die stuk uitgebeeld word, wil-wil hier en daar aangrypend word: die slot, byvoorbeeld, wat die finale ironie van die afwesigheid van sowel wit as swart kind onthul (Kleinpiet is by die "struggle" en 'vannag' saam met Tulu en Talie Tanzanië toe), open tegelyk, pessimisties, 'n blik op één toekomsmoontlikheid. "Ons sal mekaar weer sien," sê Piet oor die kinders, maar nie, soos in die drome van Tem en Sina, en selfs dié van Letta, môre of met Kersfees wanneer hulle, soos belowe, mag kom kuier nie, want Piet se scenario vir "die ding wat kom" is anders.

Teenoor Tem se trotse definisie van "Kaffer" as "Man van die plek" staan Piet se onheilspellende visie van die erflaas, Morgenster, as "'n drilcamp vir die ding wat kom". So word Donderdag (Kleinpiet se dag: "Hy's môre mondig. Môre lê om die draai. Donderdag") die dag waarop Donderdag se mense, die nuwe geslag, wit en swart, sal kom, die dag van konfrontasie.

Die feit dat dié eenakter, wat duidelik aktualiteitsdrama wil wees, geen indringende blik bied op die politieke dilemma's van ons tyd nie - op, byvoorbeeld, ver-regge ekstremisme en die gevolge daarvan - is myns insiens te wyte aan die feit dat daar in die drama self geen sprake van 'n dilemma is nie.

Eerstens gryp die gegewe rondom Kleinpiet nêrens in in die bestaan van sy pa nie: waar dus die 'krisis' om die 'verlies' van 'n seun? Verder word die 'verderf', die 'dekadensie' van die Boere, maar veral die engelagtige 'eenvoudigheid' (let wel, ek sê nie 'eenvoud' nie) van die gedienstige, geduldige, gedweë slawe so eendimensioneel voorgestel, klaarblyklik ter wille van kontraswerking, dat problematiek verdwyn voor oppervlakkigheid.

Bowendien sluk 'n mens swaar aan die ongerymdheid van 'n Ta' Letta wat enersyds blyre gee van 'n eksistensiële bewussyn, andersyds haar man in banaliteit ewenaar. Van die 'Boere' kry 'n mens dus maar 'n deurmekaarderige beeld: 'n vreemde spesie, voorwaar...

Uiteidelik gaan dit dan ook juis daarom: wat wil die drama eintlik? Want verteenwoordigend waarvan is hierdie figure? 'n Dieper insig in 'n onderliggende volke-etos of die kollektiewe bewussyn van 'die Boere', wat by implikasie die ekstremisme (selfs ten koste van eie bloed) van die slot ten grondslag sou moes lê, kry 'n mens helaas hier nie.

Willem Liebenberg is 'n lektor in Afrikaanse-Nederlands by Wits

Rike Vaughan doseer Afrikaans en Nederlands by Wits

## Estetika ná die storm

### ONE CALABASH, ONE GUDU

Deur Mlungisi Mkhize  
Skotaville (R8,95)

### WILHELM LIEBENBERG

ALBIE SACHS het in sy veelbesproke seminaarstuk, "Preparing ourselves for freedom", tong-in-die-kies 'n beroep gedoen op 'n vyf jaar moratorium op die uitdrukking dat kultuur 'n wapen in die stryd sou wees, en deur menige is dit dadelik letterlik opgeneem.

Dat daardie vryheid waarvan Sachs praat, nog nie bereik is nie, en dat daar nog swaar tye voorlê waarin alles in die stryd gewerp moet word, is die siening wat verkondig word in die poësie van Mlungisi Mkhize.

"Come after the thunder" is sy antwoord aan estete in die titel van die openingsgedig:

#### Come after the thunder

They came to me asking  
Some black bourgeois  
And some white folks  
in unison

Asking why  
I am so rough-toned  
When singing songs

I said,  
Oh, if we survive  
From the coming thunder  
Come when it has come  
And gone - come!  
Come search  
For a new clean voice  
Void of fury

Come listen  
To the melodies  
Ah, blissful sweet tunes  
The essence  
Of my new songs then

Yeah!  
Come smell then  
The fresh smell  
of the new  
African flowers.

Mkhize maak in sy gedigte heelwat gebruik van ironie en van eenvoudige opposisies wat maklik verstaan kan word.

Hy gebruik herhaling, van die soort wat baie geslaag is by die voordra van gedigte voor groot skares, en humoristiese klankaboetsing, wat vir dramatiese effek sal sorg. Hy kom by tye met 'n beeld waarop 'n verduideliking volg, nes Totius gemaak het.

Plek-plek kom dit neer op die inkanteer van abstrakte konsepte

eerder as die aanskoulikheid van die konkrete beeld. Dié poësie het egter ook beslis sy oomblikke.

En teen Albie Sachs se (ewe tong-in-die-kies?) verwagting in bevat die bundel van hierdie "cultural worker" ook 'n aantal liefdesgedigte.

Mkhize het skoolgehou in Natal en was stigterslid van Cosaw se tak in Pietermaritzburg.

Hy is twee jaar gelede op die ouderdom van 24 oorlede.

Die gedigte in dié postume bundel uitgegee deur Skotaville, is dus geskryf 'n hele tydjie vóór al die gedoe om Albie Sachs se artikel, en voor FW se "ommeswaa!".

'n Mens vra jou nietemin af of dit wat hy te sê het, nie vandag nog ewe geldig is nie. Vergelyk byvoorbeeld die volgende:

Don't think of me as a chaotic writer

Don't think of me as a poet  
Blind of beauty  
A poet who always  
Sings songs of grief  
A chaotic writer  
I love to sing of beauty  
And sing of joy  
But I wake up  
In the morning



# Mosambiekers op soek na waardigheid

## VOICES MADE NIGHT

Deur Mia Couto  
Heinemann (R19,75)

### VICTOR MUNNIK

AS jy nie weet dat waardigheid en belaglikheid eintlik dieselfde ding is nie, het jy nog nie geleef nie. Of nie Couto se boek van wonderlike liriese verhale gelees nie.

Want Couto skryf - skrywend en snaaks - oor die aanhoudende stryd van klein mensies om in hierdie lewe, of as dit dan nie kan nie, in die verbeelding, 'n waardigheid en sin vir hulle bestaan te vind.

Couto se karakters is verlore in armoede en hopeloosheid oral en êrens in Mosambiek, in die soete oorlog van hul liefdes, hulle gespanne gesinne, in hulle troostelose werke of gebrek daaraan, in hul skinderende dorpe, en omring deur die geweld van 'n burgeroorlog wat net hier en daar deurskemer.

Die skrywer, wat in 1955 in Beira gebore is, het as mediese student betrokke geraak in die revolusionêre stryd in Mosambiek, later direkteur geword van die inligtingsagentskap AIM, die tydskrif Tempo en die amptelike dagblad Noticias.

Uit so 'n eng politieke agtergrond sou 'n mens maklik kon verwag dat die politieke dimensie die verhale sou oorheers. Maar dit gebeur nie. Die politieke werklikheid word omskep in intens persoonlike, liriese ervarings van die karakters.

So, byvoorbeeld, ontplof die os Mabata-bata: "It burst without so much as a moo. In the surrounding grass a rain of chunks and slices fell, as if the fruit and leaves of the ox. Its flesh turned into red butterflies. Its bones were scattered coins. Its horns were caught in some branches, swinging to and fro, imitating life in the invisibility of the wind."

En dit is inderdaad hoe die weeskind-beeswagtertjie Azarias dit beleef wanneer die os deur 'n Renamo-landmyn opgeblaas word. En dwarsdeur die bundel vertel Couto as 't ware met twee stemme: op die voorgrond van die teks 'n digterlike, verbeeldingryke belewenis wat amper ontorkom aan die gefluister van die tweede - 'n armoedige, amper verskriklike bestaan van mensies wat te klein is om hul lot te verander.

Die skrywer maak egter nie sy karakters se dikwels troostelose lewens mooi en aanvaarbaar nie. Sy liriese (en deernisvolle en humoristiese) uitbeelding van hoe hulle veg, droom en lig om los te kom uit hul benoude wêreld, maak dit juis des te skrynder.

Sekerlik sal daar ideologiese kritiek kan wees juis teen die hulpeloosheid van die karakters, want Couto se sonde in dié bundel is om nie revolusionêre helde te skep nie.

Wanneer Renamo en Suid-Afrika se wapensmokkelary bevoorend ter sprake kom, word die leser ingelei in die koorsdrome van Bento Jaoa Mussavele, entrepreneur ekstraordinaire wat gehoor het van die walvisse wat, met hul pense en bekke vol handelsware, op die strande van Quissico kom lê. Toesprake oor die bandits is daar nie.

Die skrywer maak ons telkens tuis in die bewussyn van 'n karakter, dikwels 'n randkarakter. So is daar die armoedige visser, Ernesto Timba, wat sy lewe sien wegvloei in die rivier, totdat twee wonderlike voëls uit die hemel by hom beskerming kom soek.

Of die welsprekende Ascolino Do Perpetuo Secorro, "I'm a pale-arsed little darkie, a first class one if you please" wie se lewe waardigheid hang aan sy fiets en sy besoek aan die palmwynkroeg... selfs nadat sy vrou, Epifania, hom uit pure moedeloosheid

verlaat het.

Dan is daar die verhaal van Zuze Paraza, die afgetrede skilder, wat een dag 'n kraai uitgehoes het. Die kraai, wat met die afgestorwenes kon kommunikeer, het hom 'n ryk man gemaak, totdat die ryk mulatto-vrou kom raad vra het...

Of die man wat vertel hoe hy sy vrou, sonder om dit te bedoel, doodgemaak het. Dit het so gekom: sy swaer het per ongeluk sy skoonsuster met 'n kool vuur gebrand, maar sy het nie seergekry nie. Toe weet swaer sy is 'n heks en dan, heel logies, is haar suster mos ook een.

Om seker te maak gooi die verteller kookwater oor sy vrou uit. Sy het net 'n effense geluid gemaak, soos 'n klein voëltjie wat wegvlieg, en daarom kan hy nie dink dat hy haar regtig doodgemaak het nie, hy het haar net bevry.


Die eksotiese, die sprokiesagtige, en die wreedheid van intimiteit is deel van Couto se kuns: dink aan die

Chinese vrou uit wie se lewe geluk weggeloop het en vergeet het om terug te kom. Almal weet mos China, land in die miswolke, is so ver dat 'n mens tyd het om van kleur te verander wanneer jy daarheen reis.

En vra, soos almal in die dorp vra, wat presies is die verlede wat sy deel met die liplose man wat haar huis en winkel met slange bewaak?

Mense, hier is nou 'n wonderlike boek. Iets besonder vir 'n geskenk aan enige leser, 'n plesier vir mense wat lief is vir die magiese realisme of reg is om ons bure se literatuurskatte te begin ontdek, 'n leersaamheid vir diegene wat worstel met hoe om van die politiek letterkunde te maak, en 'n menslike perspektief vir diegene wat somer nuuskierig is oor Mosambiek.

Victor Munnik is die skrywer van "Die oog van die Nyl" en doseer Afrikaans aan die Universiteit van Durban/Westville



# Mozambique - forgotten land

**RICHARD BARTLETT has just spent three weeks in Mozambique. He found a vibrant and established literature, and that very little is known about it**

SINCE the mid 1960's the English speaking world has had access to only two collections of short stories from Mozambique; the first, "We Killed Mangy Dog", by Luis Bernardo Honwana and the second, "Voices Made Night", by Mia Couto. They were published more than twenty years apart.

This deathly silence of the intervening years, broken only now and again with smatterings of poetry, is grossly misleading. Mozambique's literary culture is surprisingly vibrant, especially when considered in the context of a very costly and horrifying war.

What is even more surprising is the subject matter chosen by the many published poets and short story writers. Vivid massacre accounts are seldom used in creative writing and political sloganeering is non-existent. What these creative artists do write about is perhaps best expressed in the title of a recent collection of poetry by Filimone Meigos, "PoemaKalishinLove".

This play on the word Kalichnikov expresses the synthesis of creativity, militancy and human emotion that combine to form an artistic work. There are no clenched fists in Mozambican art. The power and force of the clenched fist are shaped into more aesthetically functional means. To quote a few more recent titles: "Mirror of Days", "The Truth of Myths", "Orgy of the Crazy".

It is this lack of clenched fists that was influential in the formation of the ideas Albie Sachs expressed in "Preparing Ourselves for Freedom", as Sachs himself has admitted. But spending three weeks in Maputo uncovers more than just the attitude of Mozambicans to art.

There is a story, of whose truth there is no doubt, about Sachs' first arrival in Mozambique a few years after independence in the late 1970's. He was impressed, as I would imag-

ine most foreigners are, at the array and creativity expressed in wood carvings sold on the streets. But Sachs wanted something more, like clenched fists. Soon there were hoards of wood carvers knocking on his door showing off their militant ware.

My recent experience with Mozambican writing proved much the same, except that the poets didn't come knocking on my door.

The lessons that can be learnt from Mozambican literature, and art in general, are too important to be ignored, but a language barrier and fairly entrenched perceptions as to the state of Mozambican society prevent these lessons from even being heard.

Since independence from Portuguese colonialism in 1975 Mozambican literature has gone through three stages according to Fatima Mendoca of the Faculty of Arts at Eduardo Mondlane University in Maputo.

The first stage was from 1975 until 1980. It was characterised by the publishing of works written or published during the colonial period. Amongst these were "We Killed Mangy Dog" by Luis Bernardo Honwana, "I, the People", by Mutimati Bamabe Joao (available in English) and a collection of poetry from the popular magazine Tempo, called "The Word is a Burning Light".

Between five and ten thousand of each of these editions were printed, and sold out fairly rapidly. This is especially significant if one considers that at independence the literacy rate stood at about 5 per cent. (In a population in 1987 of 13,7 million literacy was 30 per cent.)

This initial period was one of making Poetry of Combat accessible, but it was also a period of experimentation for poets who could now write without the sword of censorship from the fascist state hanging over their heads, says Mendoca.

The second period was from 1980 to 1982 and was characterised by new editorial activity resulting in twelve collections, mainly individual collections of poetry, published by the National Book and Record Institute (INLD). Five thousand of each edition were printed and again sold out. Very few writers emerged during this period but the established writers became more widely read.

The third period is from August 1982 when the Association of Mozambican Writers (AEMO) was established. This organisation fostered a revitalisation in Mozambican litera-

ture. AEMO facilitated the publishing of works by new authors and poets as well as those of established writers.

But what is especially significant about AEMO is its membership. Marcelino Dos Santos, President of the National Assembly, Luis Bernardo Honwana, Minister of Culture, Jorge Rebelo, former Information Minister, Sergio Vieira, former Minister in the Frelimo cabinet, as well as other literary giants such as Jose Craveirinha and Orlando Mendes (who died earlier this year) are all members.

But membership, standing at 50 this year, is not limited to politically and literary powerful people. The driving force in AEMO at the moment are a younger generation, a generation who had not yet reached their twenties at independence, and it is from them that prime examples of literature come where love and introspection are more important than raising a clenched fist.

Of this generation English (and Afrikaans - ed.) speakers have not even heard - writers such as Ungulani Ba Ka Khosa, Armando Artur, Eduardo White and Pedro Chissano, to look at the tip of the iceberg only. Of course, none of them are yet available in English.

Also surprising about the literary culture of Mozambique is the role that criticism plays. It is not limited to academic and literary journals. The most important forums for criticism and debate is the popular weekly Tempo and the daily newspapers. This criticism and debate book can determine whether that book will be rapidly sold out or not.

In downtown Maputo there are a large number of book shops all selling much the same limited array of books. I searched through every single one but there were no copies of popular books published only a year or two ago.

Books in Mozambique are cheap, the average collection of poetry or short stories selling for about 600 Metacais, the price of a beer (R1 was equal to 355Mts in July 1990). A book costs the same price wherever one buys it and the same goes for imported books. Although imported books are in very short supply they are available, most coming either from the communist countries like the Soviet Union, China and Korea, or Angola.

Competition between book shops is further limited by the fact that all new books, foreign or not, are initially

displayed in shops within a day or two of each other.

Despite this literary awareness AEMO's struggle to publish works is an uphill one. Its funds come from revenue generated by the sale of books and new books can only be published once the association has sufficient funds. There is always an excess of manuscripts to be published.

The other restrictive factor is lack of paper. Continual foreign exchange funds make paper difficult to come by at times and so publishing seems at times more determined by the vagaries of living in a third world economy than the aspirations of the population.

So despite its established status and vibrancy the literary culture is limited. A small number of the literate population can afford to buy books. And the struggle against illiteracy and poverty is made extremely difficult by the "armed bandits", as Renamo are locally called. These difficulties make reading and writing a pastime of those who have had access to an education and a job.

Most of the writers, members of AEMO, are journalists, teachers, academics and government functionaries - and predominantly men. The women, the workers and the peasants have yet to leave their stamp. This is not to say that AEMO is a sexist and elitist organisation, but rather that the socio-political and economic factors of present day Mozambique make books somewhat of a luxury.

In conclusion, a poem by Jorge Viegas:

**THE TENACIOUS NUCLEUS**  
To Sebastian Alba

*With a poem  
we will open the night  
we will strangle fear.*

*With a poem  
we will construct a person.  
Not a definitive person,  
enclosed in irrefutable truths,  
in absolute certainties,  
but a person  
in permanent transformation.  
A person journeying,  
a questioning person.*

*That is why a poem is always  
(like all docile words)  
the tenacious nucleus  
of a revolution.*

Richard Bartlett is 'n vryskut-joernalis van Johannesburg



# Wordende naak 'n tour de force

*De Lange vernuftig,  
ontroerend, skerpsinnig  
intellektueel*

## WORDENDE NAAK

Deur Johann de Lange  
HAUM-literêr, R18,95

## TIM HUISAMEN

JOHANN DE LANGE se vierde bundel, "Wordende naak", se voorblad toon 'n naakfiguur deur Judith Mason. Die figuur wie se hoof nie gewys word nie, is heeltemal kaal behalwe vir 'n bostuk wat uitgetrek word. Wat opval, is dat die figuur bokpote het en dus 'n sateris. In 'n sin is dit 'n "wordende naak" - die ontklee van die figuur, nie net om die figuur kaal te laat en so ook aandag te vestig op die seksualiteit van die figuur nie, maar méér: om die dierlike, "sater-aard", van die man bloot te lê; om te wys dat geslag, geslagtelikheid en geslagsverkeer meer behels as bloot die genitalieë.

Die twee voorafgaande bundels het ook mansfigure op die omslag gehad. Net soos in daardie bundels dig De Lange hier ook oor homoseksualiteit, in die breër sin oor die liefde (dikwels as voyeuristiese ervaring), kom gedigte oor blomme nog voor en is daar gedigte oor digtersfigure. Trouens, dikwels roep individuele gedigte spesifieke vroeër gedigte op. Dit wil dus lyk asof De Lange hier onder andere nie net 'n voortsetting het nie, maar bewustelik in gesprek gaan met sy vroeër bundels, veral "Snel grys fantoom".

Hierdie bundel gaan egter veel verder. In daardie bundel het hy in "Oor blomme en bomme" gesê: "Oor blomme het ek dikwels gedig, meener/.../Ek is verwytd omdat elke blom/nie 'n motorbom was nie".

De Lange probeer dus daar repliek lewer in die hele debat oor betrokkenheid, al dan nie. Hier is hy nog nie uitgesproke "politiek" nie, maar die hele bundel toon 'n akute bewuswees van die dekade van geweld waarin hy gedebuteer het en wat so pas ten einde geloop het. Die diep onderliggende geweld van die manlike psige word blootgelê en is De Lange se betrokkenheid eerder by "gender"-politiek en by gay-wees en die rol van die digter by die paradoksale geweld wat "liefde" genoem word. Dit is dus 'n bundel wat verwickeld praat oor bestaan, oor geslag, oor kultuur, oor geweld en oor die skrywer se aktiewe/passiewe meedoen aan hierdie elemente. As sodanig skep De Lange verreweg sy belangrikste bundel en een van die mees verwickelde, belangrikste en mooiste bundels van onlangs.

"Wordende naak" hou hom op ironiese wyse besig met die begrip "macho" - die beklemtoning van manlikheid op sy mees opvallende. (In gay terme kan daar ook van "butch" gepraat word). Gays, as gevolg van hul belangstelling in 'n manswêreld, is die mees "manlike" van mans.

Wanneer die ikone van die San Francisco-tipe gaywêreld beskou word - leer, sado-masochisme - en dit gekoppel word aan die stoombaddens, "casual sex", die "one night stand" met of sonder manlike prostitute, het ons die wêreld wat De Lange met geweldige ironiese welslae oproep. Hierby word die daaglikse aktualiteit van militêre optrede en menslike onverskilligheid geskets en baie duidelik word geweld en fallosentisme in verband gebring. Die gay persoon is dus nie net 'n slagoffer van Macho nie, maar ook 'n meedoener, 'n verslaafde soms, daaraan. As sodanig is die "normale" (nie-gay) wêreld nie apart van die gay wêreld nie, maar is laasgenoemde 'n mikrokosmos daarvan.

'n Betekenisvolle onderdeel van die bundel word hoe die digter/gay digter reageer op die geweld van die wêreld, 'n geweld soms op hom gerig, maar meer dikwels die geweld waaraan hy deur man te wees, gay te wees, verbruiker te wees, skrywer te wees, méns te wees, meedoen. As sodanig word die vraag na eie aard ook die vraag na die aard van die poësie en is hier 'n baie sterk metabundel.

Dus, die belangrikste aspek van die bundel is dan nie soseer sy gesprek met sy voorgangers nie, maar sy gesprek met homself en met skrywers en digters wat in haas elke afdeling van die bundel opgeroep word. Trouens hierdie metakode word gekoppel aan die vlot gebruik van rym en die voorliefde vir, 'n mens kan byna sê dwang

na, tradisionele strofe- en digworme soos die kwatryn, rymende koeplette, die terza-rima en sonnet- en balladeagtige gedigte.

Die bundel het 'n baie komplekse en uitgebreide kode-struktuur waarvan die gay- en metakodes reeds genoem is. Hoewel hul deurlopend is, sal sommige kodes in sekere afdelings domineer soos byvoorbeeld die kykproses in afdeling I, die seekode in afdeling II, die blomkode in afdeling III, ensovoorts. Van die belang-


## SKERPSKUTTERS

*Die gewonde seun skuil teen die vaderbors,  
kyk weg oor die afgesakte skouer  
na die smeulende siestas van sy jeug,  
rug gekeer op die snelvuur van die kamera-  
man, om sy been 'n bloeiende verband.*

*Teen sy pa se heup die smal perdeskoën  
van sy heup, skraal boude ontbloot waar broek  
en onderklere ru oopgeskeur is  
om die wond, met 'n jong skadu waar hulle keep  
om die klein ongeskonde liefdesvont.*

*Die vader kyk verby sy seun se kop,  
die kamera noteer: donker stoppelbaard,  
hare kort, baret, halfvol bandelier,  
smal sigaar in sy mondhoek vasgebyt, frons hy  
sonder vrees of haat, sy liefde 'n wapen*

*teen ons vermetel skending van die kind,  
'n skans teen dié intiemer skoot van een  
wat deur 'n lens se loop na hulle mik:  
al is liefde, soos pyn en dood; hier openbaar,  
word ons al klaar ontwapen deur sy blik.*



rikste kodes behels die kykproses (ook as waameming en voyeurisme; ons lees van die gedigte is dan ook deel hiervan) wat die verhouding tussen digter en onderwerp, selfs leser en bundel, kommunikeer. Dit sluit dus nou aan by die metakode. Daarby kom die dikwels verwysings na die skryfhandeling (ook na ander skrywers).

Transformasie en beelde, waarvan die motto's uit die sewende van Rilke se "Duineser Elegien" en uit sy "Die Sonette an Orpheus" melding maak, is byna op elke bladsy aanwesig. Wat is "wording" anders as 'n transformasie en is ontkleding nie óók 'n transformasie nie? Ander belangrike kodes behels, onder andere, reis, natuur, jaargetye, blomme (en daarby ook bye), water/fys, militarisme (in wapens, in uniforms, in militantheid), lig-en-donker asook lig versus donkerke of skaduwees, die demones en, natuurlik, seks in al sy vertakings.

'n Duidelike narratiewe lyn loop deur die bundel. Hierin word twee karakters of karaktergroepe geïdentifiseer: 'n "jy" wat in die titelgedig in die eerste afdeling aangespreek word, wat in "Visioen" "hy" word en in die laaste afdeling die "ek" is. Daarteenoor is daar die talle jong minnaars, hier aanwesig vanaf die

skynbare onskuldige kind (in "Skerpskutters") tot dat hulle die deurlopende blonde persoon, in verskillende gedaantes, word. In "Ruïnebesoek" (afdeling VIII) word hy: "'n blonde lokval.../...net nóg een sonder naam."

Die "narrasie" loop dan vanaf konsepsie (in afdeling II) tot die dood van die jong man/soldaat in afdeling VII. In die proses kom die vrugbaarheid van die natuur (afdeling III), die skeppende daad en seksuele omgang (afdeling IV), liefde en verlies (afdeling V) en uiteindelik die aanvaarding van die homoseksuele/"gevalle" aard in afdeling VI. Laasgenoemde behels dan ook "Inlywing" waarin die jong man ingelyf word in die donker rituele van die sado-masochisme en so ook sy eie donkerke ontdek, sy innerlike naaktheid en dit orgasmies tot 'n toppunt voer (lees hier: die skep van 'n gedig) in 'n "onstuimige oerbeggin/waar hy homself herwin".

Die eerste en laaste (VIII) afdelings kan as 'n soort proloog en epi-loog gelees word. Die eerste geld as 'n terugblik aan die einde van 'n kortstondige verhouding op reis (en dit word eers duidelik as die verbande tussen die titelgedig, "Visioen" en "Ruïnebesoek" gelê word) en die laaste afdeling as 'n dramatiese opsomming van die bundel in die balladeagtige "Ruïnebesoek".

Slegs 'n aanduiding van die rykdom van die bundel kan hier getoon word. Individuele gedigte wat opval, is "Wordende naak" (wat al die kodes van die bundel dra), die briljante "Skerpskutters", "Strandwandeling" met sy volgehoue verwysings na Stockenström se "By Aghullas: 'n wandeling", "Vakansiebrief", "Male muse" (meer vir sy perfekte inpas in die bundel), "Almanak", afdeling VI in sy geheel vanaf "S" en "Inlywing" tot die hoogtepunt van die hele bundel, "Stoombad", "Joe Orton (1933-1967)" en die lykgedigte in afdeling VII, ook "Aan 'n onbekende seun", hoewel dit ietwat soetlik is, en die merkwaardige "Ruïnebesoek".

Daar is tog nou en dan die gevoel dat rymfasiliteit fasiliteit word en in afdelings III, IV en selfs V is daar soms 'n gevoel van oordaad - dat alles in die diens van abstraksie, van vernuf staan en word sintuiglikheid gemis - iets wat juis van "Almanak" en "Stoombad" sulke formidabele gedigte maak. Dit is egter terloopse glosse in wat vir my 'n tour de force is.

Op sy beste is De Lange vernuftig, ontroerend, skerpsinnig intellektueel.

Geen digter het in Afrikaans nog die gay mens so duidelik en kompleks as deel van die menslike kondisie uitgebeeld nie.

Tim Huisamen is verbonde aan die departement Afrikaans en Nederlands by die Universiteit Rhodes op Grahamstad



# Is vryheidsvegters dan nie engeltjies nie?

MUZUKURU

*A guerilla's story*  
Deur Paul Hotz  
Raven Press (R25,95)

VICTOR MUNNIK

DAAR sit die mannes, die vryheidsvegters wat ons in die eerste driehonderd of so bladsye van die boek leer ken en waardeer het. Hulle het nou net 'n sell-out drankwinkel beroof en, ei, getrap om onder Ian Smith se amy uit te kom.

Nou word die bottels oopgemaak en perspektief geneem op die struggle.

"As the sun rose we ducked into this mupungara thicket, seated ourselves in a circle, opened a bottle of brandy and some beer and got down to business. After the first couple of sluks we all became quite philosophical.

"Everestus remarked comfortingly that, sooner or later, elections or no elections, the country would be ours.

"I hope there's still something left for us then," cracks ou Koshkosh. "But what whitey doesn't take with him, the big fish will probably swallow."

Everestus is die politieke kommissaar van die groepie vegters wat die destydse Zimbabwe-Rhodesiese verkiesings moes gaan ontwig. Koshkosh was tweede-in-bevel totdat hy die 18-jarige meisie wat hom, na 'n verwonding, in 'n grotmoes versorg, swanger gemaak het.

Nou is Muzukuru - die held van die boek - tweede in bevel van die patroolie. (Muzukuru beteken "neef", 'n beleefde manier van

## nie?

vryheidsvegters om te sê iemand is 'n sogenaamde kleurling, of soos dit in die boek gestel word, 'n "gof-fel".)

En die volgende operasie is 'n aanval - eintlik 'n rooftog - op 'n kopermyn. Maar voor ons oorgaan tot die volgende aksie, en daar is baie-baie aksie in hierdie boek wat so vlot lees soos enige Goeie Gewilde prosa en so "local" voel soos enigiets by die Marktater, nee, die Black Sun, ja, voor ons by nog aksie uitkom, wat van die vrae wat dié roekelose narratief by 'n mens oproep?

Was daar regtig soveel niksmitte in Zim se struggle? Soveel dop en stop? Soveel dapper maar wilde - soms skokkend wrede - mannes? Soveel korrupte kommissaars?

(En kan enigiemand eis - of selfs verwag, of ooit glo - dat die vryheidsvegters 'n normale bestaan en geduldige loopbaanvooruitsigte prysgee, hul lewens in die bos waag en dan soos engeltjies uit die Hoërskool Waterkloof optree?)

Die boek lok natuurlik baie sterk die vraag uit of sy avonture en beskrywings lewensgetrou is of nie. Op die agterblad staan dat die


teks gegrond is op onderhoude met oud-vegters. Die vlot omgangstaal - die teks is deurgaans in 'n soort "bushy" dialek van Engels geskryf - help ook mee om die indruk te skep dat die leser die stories eintlik eerstehands van vryheidsvegters hoor.

Of hierdie waarheidsaanspraak net so deur alle lesers - en laat ons maar bysê, al die groot visse wat belang het by die inkleding van die geskiedenis - aanvaar sal word, is 'n ope vraag.

Benewens die vrae oor die interpretasie van amper nog lewende geskiedenis in 'n buurland, vestig die boek die aandag op 'n groot vraag wat ons ook in die gesig staar: wat het die mense wat in die vryheidstryd groot persoonlike opofferings gemaak het, vir hul moeite verdien?

Intussen, landgenote: 'n Spannende, onderhoudende leeservaring wat sonder voorbehoud aan te bevel is.

Victor Munnik is die skrywer van "Die oog van die Nyl" en doseer Afrikaans aan die Universiteit van Durban-Westville.



## Swart gat van die niks

Vervolg van bl 13

Dit beteken vir die leser 'n benoude opsluiting alhoewel hy/sy wel kans gegun word om die onbetroubare verteller te kontroleer: Maarten vang klein flardes op van bekommerde gesprekke wat Vera voer met 'n vriendin, die dokter en die huishulp. Dit help die leser aan koördinate buite Klein se ontoereikende bewussyn en skep tegelyk afstand en mededoë.

Die vertelperspektief maak ook duidelik dat "ontoereikend" nie die juiste woord is vir wat in die hoofpersoon omgaan nie. 'n Dementerende bewussyn is 'n uitdowende bewussyn wat greep op die hede verloor, name en woorde kwytraak, maar een waarin nog lank 'n persoonlike samehang aanwesig bly: die koherensie van herinneringe, nooit vertelde voorvalle, assosiasies en steeds vlugtiger indrukke. Bowendien is seker niemand beter as 'n skrywer geskik om juis in taal aan te toon hoe die band tussen ek en taal steeds meer deurgesny raak nie. Wat oorbly is 'n hulpelose introversie wat in die daaglikse lewe met sogenaamde normale mense onbruikbaar en steurend is, maar daarom nog nie vir die persoon self volstrekte chaos is nie.

Maarten besef wel dat energie uit hom wegsypel namate woorde steeds minder in die gelid van sinne wil gaan staan. Dit word ekstra benadruk weens die gegewe dathy as Hollandse immigrant in 'n Amerikaanse omgewing is en dus die aangeleerde taal eerste sal verloor. Hy verloor nie slegs die landskap van sy jeug nie, maar kan in die verpleegtehuis ook sy moedertaal nie meer gebruik nie - sy isolasie is daardeur totaal. Die boek eindig in flardes van sinne en indrukke. Hy herken niemand meer nie, maar uiteindelik praat 'n vrou (Vera?) met hom op 'n manier wat hy nog begryp:

"Als het al dag is en GOOD MORNING en iemand zegt ... fluistemd ... de stem van een vrouw en je luistert ... je luistert met gesloten ogen ... luistert alleen maar naar haar stem die fluistert ... dat het raam is gemaakt ... dat waar eerst die oude deur voor zat gespijkerd ... dat daar nu weer glas zit ... glas waar je doorheen kunt kijken ... naar buiten ... het bos in en de lente die bijna begint ... zegt ze ... fluistert ze ... de lente die op het punt staat te beginnen."

Dit is van weinig belang of Maarten se meta-bewussyn oor sy toestand wetenskaplik-reëel is. Vir die leser is dit van die grootste belang dat hy besef wat met hom gebeur omdat die herkenning van die drama waarin hy verstriek raak, ons meeleving bepaal. Wat dit betref, is Maarten Klein met sy dementerende bewussyn 'n bedinksel van 'n outeur, 'n artefak soos wat trouens enige ander karakter dit is wat beter by sy positiewe is. Die roman is 'n produk van die verbeelding, 'n studie in die uitmekaarval van werklikheidsbesef, in onthechting.

In "Hersenschimmen" het die leser deel aan 'n genadelose proses van psigiese verval en liggaamlike aftakeling wat nogtans die integriteit van die hooffiguur onaangetaas laat. Alhoewel daar baie humoristiese momente is, is daar geen meerderwaardige of ironiese distansie in die manier waarop vertel word nie. In kontras met die "normale" funksionering van die leser is dit 'n studie in ook ons verhouding tot die tyd, die mense om ons heen en 'n besinning oor die taal wat 'n skema is waarsonder ons nie kan lewe nie.

Ena Jansen doseer Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand.

## VWB

Vrye Weekblad Boeke/Books staan onder redaksie van Koos Prinsloo en Ryk Hattingh.

Die tegniese versorging is behartig deur Andrea Vinassa, Esma Anderson en Tinus Horn.

Die somer-uitgawe van VWB verskyn op 14 Desember.

Stuur alle bydraes tesame met 'n gefrankeerde koevert aan:

Die Redakteurs, VWB, Posbus 177, Newtown 2113.

Rig alle advertensienavrae aan Manie Eagar by tel: (011) 836-2151

Die voorblad van dié winter/lente-uitgawe van VWB is geneem uit "All One Horse" deur Breyten Breytenbach.

## ADVERTEER IN DIE VOLGENDE VWB

WEET HULLE VAN JOU? HULLE WEET VAN VRYE WEEKBLAD BOEKE/BOOKS. ADVERTEER!  
DIE SOMER-UITGAWE VAN VWB VERSKYN OP 14 DESEMBER.